

Thomas@skerpioen.net
'n gids



© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel. (012) 401 0700
E-pos: lapa@lapa.co.za

Geset in 10 op 13pt Arial
Omslagontwerp en grafiese uitleg deur Full Circle
Gedruk en gebind deur Millennium D.T.P &
Repro House CC

Eerste druk 2007

ISBN 978-0-7993-4151-5

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek
mag op enige manier gereproduseer word sonder die
skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

Thomas@skerpioen.net: 'n gids

Cila Walters
Izak de Vries

LAPA Uitgewers
www.lapa.co.za

Inhoud

Deel 1: Inleiding 5

- I. 'n Opsomming van die boek 6
- II. Voor die leerders die boek lees 6
- III. Ná die eerste lees 8

Deel 2: 'n Gedetailleerde analise van THOMAS@SKERPIOEN.NET 10

Vrae en antwoorde oor elke hoofstuk in THOMAS@SKERPIOEN.NET 10

Hoofstuk 1	14
Hoofstuk 2	15
Hoofstuk 3	17
Hoofstuk 4	21
Hoofstuk 5	22
Hoofstuk 6	23
Hoofstuk 7	25
Hoofstuk 8	27
Hoofstuk 9	28
Hoofstuk 10	29
Hoofstuk 11	31
Hoofstuk 12	33
Hoofstuk 13	34
Hoofstuk 14	36
Hoofstuk 15	37
Hoofstuk 16	38
Hoofstuk 17	40
Hoofstuk 18	42
Hoofstuk 19	44
Hoofstuk 20	46

Deel 3: 'n Nader kykie na sommige aspekte van THOMAS@SKERPIOEN.NET 48

Intrige, Karakters, Verteller, Tyd en Plek 48

- I. Karakters (makliker vrae) 52
- II. Karakters (moeiliker vrae) 52
- III. 'n Moontlike essay (Slegs vir gevorderde leerders) 54
- IV. Die ruimte 55
- V. Die tyd 56
- VI. Die intrige 56
- VII. Die verteller 57
- VIII. Taalgebruik 59

Deel 4: Speletjies oor THOMAS@SKERPIOEN.NET 60

Iets oor Carina Diedericks-Hugo

Carina is gebore in Johannesburg en het grootgeword in Pretoria en Kaapstad. Ná matriek aan Herschel Girls' School in Kaapstad, studeer sy aan die Universiteit van Stellenbosch en behaal die grade BA (Internasionale Studies), Honneurs Afrikaans en Nederlands (cum laude) en MPhil (Joernalistiek). Sy is die skrywer van die Thomas@-reeks en ander boeke sluit in *Koning Henry* en *Operasie M.I.A.A.U.* Sy is al benoem vir die Sanlamprys vir Jeuglektuur en die M.E.R.-prys. In 2006 en 2007 het sy die ATKV-Kinderboekprys gewen. As sy nie stories skryf nie, werk sy as kinderboekredakteur by Human & Rousseau. Sy bly saam met haar man, die digter Daniel Hugo, en vyf katte in Stellenbosch. Sy put haar inspirasie uit haar man, bling-bling, Desiderius Pongracz, sjokoladekoek sonder versiersuiker, kwaito en Sondae op Greyton.

Enkele opmerkings

Thomas en sy vriende is baie gewild in klaskamers van graad 4 tot graad 9. Die boeke word gelees in Huistaalklasse en in Addisionele Taalklasse. Ons het dus 'n gids probeer saamstel wat so breed as moontlik van waarde sal wees. In dié gids is daar verwysings na die kurrikula van Afrikaans as Eerste Addisionele Taal en na Afrikaans as Huistaal.

Elkeen van die hoofstukke word apart ontleed, maar daar is ook 'n aantal algemene vrae, gebaseer op die kurrikulum, om die leerders te help om die novelle beter te verstaan. 'n Aantal taal-speletjies maak die lees van die boek nog lekkerder.

Die gedetailleerde vrae oor elke hoofstuk bevat almal modelantwoorde. Enkele van die vrae wat die leerders help om hulleself te oriënteer is "oop" en by dié vrae word antwoorde dus nie voorgestel nie.

I. 'n Opsomming van die boek

Thomas-hulle is baie opgewonde oor die cool nuwe onnie, meneer Stahl, wat vir hulle rekenaarstudies aanbied. Dan sien Thomas egter hoe Stahl eendag met 'n vreemde man gesels en inligting uitruil ... Harry, die eienaar van die Cyber Tiger, 'n uiters cool internetkafee, gee vir Thomas en Hannes 'n nuwe speletjie om te toets. Thabo is die eerste een van die maats wat dit toets en hy is baie teleurgesteld oor die swak inhoud. Hy wys ook vir Hannes-hulle dat daar 'n stuk kode agtergebly het in die program. Hannes besef onmiddellik die kodes beteken iets – sy pa is nie verniet een van die beste rekenaarbreins in die land nie!

Dan loop dinge skeef ... Harry word aangeval, Thomas se kamer word deurgesoek en Alex herken haar bank se kode in al die data. Dit blyk Thomas en sy maats het per ongeluk op 'n baie gevaarlike virus afgekam – 'n virus wat elke maand geld uit kliënte se bankrekenings gaan onttrek! Verder wil dit al lyk of meneer Stahl een van die skelms is!

Hierdie virus sou geloods word vanaf een van die rekenaars wat opgestel is by 'n enorme rekenaarekspo ... Thomas en Hannes besluit om die skurke se plan te fnuik. Hulle beland baie amper in die moeilikheid en word gered deur meneer Stahl wat toe al die tyd 'n agent vir die polisie se Skerpioene-eenheid was!

II. Voor die leerders die boek lees

'n Deel van enige leser se resepsie van enige teks begin reeds voor die teks gelees word. *Don't judge a book by its cover*, lui die ou gesegde, tog doen baie van ons dit!

Hierdie bondige inleiding tot die teks sal die leerders help om idees te begin formuleer oor die teks. Hopelik sal hulle later hierdie idees weer aanspreek en moontlik selfs uitdaag!

Leeruitkomste en Assesseringstandaarde wat ons hier gaan aanraak:

Leerarea	Leer-uitkomste	Assesseringstandaarde
Afrikaans Huistaal	LU 3	Let op na die rol wat prente in die skep van betekenis speel (soos: Hoe word mense van verskillende rasse en/of kulture in prente uitgebeeld?);
Afrikaans Eerste Addisionele Taal	LU 3	Beskryf gevoelens oor die teks (feitelik of literêr, visueel of multi-media) en gee redes.

Iets om met die klas te deel

Die titel

'n Boek se titel behoort die leser te prikkel en dit behoort 'n vae idee te gee van die inhoud. Soms is titels opsetlik misleidend, maar dan is deel van spel om die leser se oorspronklike idees te toets aan dit wat die titel uiteindelik wel beteken.

Voorblaai

Voorblaai word gewoonlik nie deur die outeur van die boek gekies nie, maar wel deur die bemerkers wat die boek wil verkoop.

Vrae oor THOMAS@SKERPIOEN.NET se voorblad (Groepwerk)

Modelantwoorde op hierdie vrae word nie verskaf nie aangesien die vrae ontwerp is om bloot die leser se resepsie te toets.

1. Maak THOMAS@SKERPIOEN.NET se voorblad julle lus om die boek te lees, of nie? Hoekom sê julle so? *Eie antwoorde.*
2. THOMAS@SKERPIOEN.NET is deel van 'n hele reeks boeke wat handel oor Thomas en sy maats. Wie van julle het al ander boeke oor Thomas gelees? *Eie antwoorde.*

3. Weet julle of die ander boeke in die Thomas-reeks se buiteblaaie baie eenders lyk as *THOMAS@SKERPIOEN.NET* s'n, of nie? Verduidelik. *Tog wel. Die reeks se buiteblaaie pas almal bymekaar. Al die ander boeke in die reeks volg die formaat van hierdie boek.*
4. Hou julle daarvan dat Thomas se gesig so duidelik op die voorblad afgedruk is, of nie? Verduidelik. *Eie antwoorde.*
5. Sonder om die verhaal te lees, kan julle reeds sê of julle dink die buiteblad en die titel van die boek pas bymekaar, of nie. Hoekom sê julle so? *Eie antwoorde.*
6. As julle die boek se voorblad moes ontwerp, wat sou julle anders wou sien? Hoekom? *Eie antwoorde.*

III. Ná die eerste lees

Dit is belangrik om die leerders se reaksie op die tekste te toets ná hulle die hele teks deurgelees het. 'n Sterk klas sal dit natuurlik self kan lees, maar die meeste onderwysers sou waarskynlik verkies om die novelle in die klas te behandel. Hoe ook al, die lesers se resepsie van 'n teks is 'n belangrike deel van die leesproses.

Ons beveel aan dat die leerders, indien moontlik, hierdie vroeë skriftelike beantwoorde. Dit kan selfs in rofwerkboeke wees. U sou dan die leerders kon vra om hulle antwoorde te deel met die res van die klas.

Indien dit vir die klas te moeilik is, kan u die leerders vra om die vroeë eers in groepe te beantwoorde, dan kan u dit in die klas bespreek.

Leerarea	Leer-uitkomste	Assesseringstandaarde
Afrikaans Huistaal	LU 3	Beskryf gevoelens oor die teks (feitelik of literêr, visueel of multimedia) en gee redes.
		Beskryf en ontleed emosionele reaksie op tekste. Toon begrip van die teks, die verband daarvan met hul eie

		<p>lewe, die doel daarvan en hoe dit funksioneer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik temas, intrige, ruimte, atmosfeer en karakterisering; • Bespreek die skrywer se houding en perspektief, hoe betekenis geskep word en maniere waarop die leser geïmposeer word. (Soos: Vertel die skrywer die storie as 'n waarnemer of 'n karakter? Hoe voel jy oor die hoofkarakter(s)? Is jy simpatiek of krities? Hoe kry die skrywer dit reg om jou so te laat voel?)
--	--	----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------

Moontlike vrae om die leerders se resepsie te toets

(Daar is nie modelantwoorde op hierdie vrae nie, hulle is bloot ontwerp om die leser se resepsie te toets.)

1. Het jy van die verhaal gehou, of nie? Verduidelik.
2. Sou jy graag wou maats wees met die volgende karakters, of nie? Hoekom sê jy so?

a) Thomas	b) Alex
c) Hannes	d) Lilian
e) Thabo	f) Lukas
3. Sou dit lekker wees as Thomas na jou skool toe sou kom, of nie? Hoekom?
4. Sou jy ook graag in die Cyber Tiger wou uithang? Hoekom sê jy so?
5. Nou dat jy die storie klaar gelees het, dink jy die voorblad pas by die verhaal, of nie? Hoekom?
6. Dink jy die foto op die voorblad lyk soos Thomas, of is dit 'n swak foto? Verduidelik.
7. As jy die boek se voorblad moes ontwerp nou dat jy die verhaal gelees het, wat sou julle anders wou sien? (Indien enigsins?) Hoekom?

Vrae en antwoorde oor elke hoofstuk in *THOMAS@SKERPIOEN.NET*

Hierdie analise sal die leerders help om elke aspek van die teks te leer ken.

Leeruitkomste en Assesseringstandaarde wat ons hier gaan aanraak:

Leerarea	Leer-uitkomste	Assesseringstandaarde
Afrikaans Huistaal	LU 2	<p>Pas interaksievaardighede en -strategieë in groepsituasies toe:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Volg konvensies vir gepaste interaksie tydens groepwerk; • Gee gebalanseerde en opbouende terugvoering; • Toon sensitiwiteit vir kultuur- en sosiale verskille (soos: bevestig en inkorporeer diverse taal, ervaringe, voorbeelde); • Gebruik diplomatieuse taal in potensieële konfliktsituasies.
	LU 3	<p>Lees 'n verskeidenheid fiksie- en nie-fiksie-tekste vir verskillende doeleindes (soos tydskrifte, gedigte, romans, kort toneelstukke, koerante, handboeke):</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lees hardop en stil en pas leesstrategieë volgens die doel en gehoor aan; • Gebruik gepaste lees- en begripstrategieë (vluglees en soeklees, voorspellings, kontekstuele leidrade, afleidings, die nagaan van begrip, ens.).
		<p>Toon begrip van die teks, die verband daarvan met hul eie</p>

		<p>lewe, die doel daarvan en hoe dit funksioneer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik temas, intrige, ruimte, atmosfeer en karakterisering; • Bespreek die skrywer se houding en perspektief, hoe betekenis geskep word en maniere waarop die leser geposisioneer word. <p>(Soos: Vertel die skrywer die storie as 'n waarnemer of 'n karakter? Hoe voel jy oor die hoofkarakter(s)? Is jy simpatiek of krities? Hoe kry die skrywer dit reg om jou so te laat voel?)</p>
		<p>Verstaan en gebruik informatiewe tekste gepas:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Som hoof- en ondersteunende gedagtes op; • Kies en teken relevante inligting op 'n gepaste manier op; • Volg redelik komplekse instruksies en aanwysings sonder enige hulp.
		<p>Identifiseer en bespreek kulturele en sosiale waardes in tekste krities:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Interpreteer die skrywer se bedoelde en onbedoelde verskuilde boodskappe; • Identifiseer verskillende perspektiewe binne 'n ingewikkelder teks en gee eie perspektief gebaseer op bewyse uit die teks; • Ontleed die uitwerking van stereotipering, partydigheid en vooroordeel en bespreek hoe dit bevraagteken en verander kan word en gee eie gemotiveerde mening.

Afrikaans Eerste Addisionele Taal	LU 1	Verstaan stories (aan leerders vertel of gelees): <ul style="list-style-type: none"> • Beantwoord letterlike vrae; • Teken relevante inligting op (soos om 'n tabel in te vul); • Reageer persoonlik; • Bring die storie in verband met haar/sy eie lewe; • Bespreek etiese, sosiale en kritieke kwessies, soos: Watter soort persoon is die held? Hoe tree hy/sy op? Is hy/sy realities of gestereotipeer voorgestel? (Wissel tussen huis- en addisionele taal, indien nodig.); • Stel 'n alternatiewe slot vir die storie voor (wissel kodes, indien nodig); • vertel 'n storie oor; • som 'n storie op.
	LU 2	Voer interaksie in sy/haar addisionele taal: <ul style="list-style-type: none"> • Stel en beantwoord vrae; • Voer 'n gesprek oor 'n bekende onderwerp; • Lug mening en gee redes daarvoor; • Druk gevoelens uit.
	LU 3	Toon, op 'n eenvoudige manier, begrip van die elemente van stories: <ul style="list-style-type: none"> • Titel, ruimte/agtergrond en intrige (soos: vertel waarom sekere gebeure op daardie manier in 'n storie gebeur);

		<ul style="list-style-type: none"> • Begryp karakters (soos: beskryf hoe 'n karakter voel en gesels oor moontlike redes vir hul optrede); • Identifiseer en bespreek sosiale en etiese vraagstukke in 'n storie (soos: Is die storie regverdig?); • Let op hoe karakters en intrige aangebied word om 'n spesifieke wêreldbeskouing uit te beeld. (Soos: Word mense van verskillende rasse en/of kulture stereotipies uitgebeeld, of word hul diversiteit realisties oorgedra?); • Stel alternatiewe maniere voor om karakters en hul optrede uit te beeld.
	LU 4	<p>Gebruik ontwikkelende kennis van taalstruktuur en -gebruik:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pas kennis van taalstrukture toe (soos grammatika, spelling, punktuasie, grammatikale verskille tussen huis- en addisionele taal) om eie en ander se werk te redigeer; • Gebruik taalhulpmiddele (soos 'n woordeboek).
		<p>Verstaan die skryfproses:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skryf konsepweergawes (kladwerk), lees dit krities deur, kry terugvoering van die onderwyser en klasmaats en herskryf dit; • Verstaan die verskil tussen: <ul style="list-style-type: none"> – herskryf (verander inhoud en struktuur), en – redigering (maak foute reg); • Redigeer eie skryfwerk.

Hoofstuk 1

Thomas se beste vriend, Hannes, kuier by hom op die laaste middag van die vakansie. Alex, hulle ander goeie vriend, kom daar aan en sy kom stel vir Lilian Jantjies voor. Die twee meisies vertel die ouens van hul heerlike vakansie in Egipte. Thomas se pa en stiefma gaan uit vir die middag en die groepie vriende gaan na Lara, Thomas se baba-sussie, kyk.

1. Wat bedoel Hannes as hy sê: “Dit pong!” *Hy bedoel die baba se doek ruik sleg/stink.*
2. Wat is Thomas se sussie se naam? *Haar naam is Lara.*
3. Wie kom kuier by Thomas-hulle? *Alex kom kuier en bring ’n nuwe meisie, Lilian Jantjies, saam.*
4. Hoe ken die twee meisies mekaar? *Hulle ken mekaar al jare omdat hul ouers vriende is. Hulle was ook saam Egipte toe.*
5. Waar kom Lilian vandaan? *Sy kom van Johannesburg.*
6. Wat kan ’n mens aflei van die feit dat Hannes na Lilian staar en bloos? *’n Mens lei af dat hy op haar verlief raak.*
7. Hoekom wil Alex nie die baba optel en vashou nie? *Sy is die enigste kind en sê sy is nie ingelyf in babadinge soos die ander vriende nie. Sy is nie gewoond aan babas nie en dus ook nie gemaklik met babas nie.*
8. Waarheen was Alex vir vakansie? *Sy het saam met haar ouers Egipte toe gegaan.*
9. Hoekom het Alex van Egipte gehou? *Sy dink die mense, die kultuur, die kos, die geskiedenis – alles – was fantasties. Haar gunsteling was die straatmarkte waar hulle dae spandeer het. Sy was dol op die kultuurverskil waarvoor Westeringe, volgens haar, gewoonlik skrikkerig is.*
10. Waar gee Lilian se pa klas en in watter vak? *Lilian se pa is ’n geskiedenisdosent aan die Universiteit van Wes-Kaap.*
11. Wat is Hannes se idee van Egipte? *Hannes dink Egipte is vuil, vol vlieë, met ’n klomp kinders wat bedel. Hy dink ook die kamele dinges op jou skoene daar.*
12. Hoeveel kamele is Alex se pa aangebied? *Dertig*
13. Hoekom bied Arabiere kamele vir ’n vrou se pa aan? *’n Man probeer daarmee wys dat hy ryk is. Dit word in Egipte gesien as ’n kompliment. Dit is nie ’n ruiltransaksie nie.*
14. Watter gebruik in Suid-Afrika is soortgelyk aan die kameel-aanbod? *Lobola*
15. Hoekom hou Hannes van die idee om kamele aan te bied?

Hy dink jy kan net vir jou 'n paar kamele kry en dan is enige meisie joune.

16. In watter styl het Alex haar hare laat sny? *Sy het haar hare in 'n bob laat sny.*
17. Soos wie laat die nuwe haarstyl haar lyk? *Hannes sê sy lyk soos Cleopatra en Alex se ma sê sy lyk soos Nefertiti.*
18. Wie was Nefertiti? *Sy was die Egiptiese koningin en die vrou van farao Akhenaten in die agtiende dinastie.*
19. Watter soort wegneemkos kry 'n mens van Debonairs of St. Elmo's? *Hulle maak hoofsaaklik pizzas.*
20. Hoekom is Thomas bekommerd oor Hannes? *Hannes raak deesdae verlief op elke meisie wat hy sien. Thomas is bang dat Hannes nou meer gaan belangstel in vry as in rugby.*
21. Hoekom sê Louisa Thomas-hulle verdien 'n beloning? *Sy dink hulle verdien 'n beloning omdat hulle die middag vir Lara gaan oppas.*
22. Vir wie nooi Thomas via SMS om by hulle aan te sluit? *Hy nooi vir Thabo.*
23. Hoe sal Thomas weet as die baba huil terwyl hulle 'n DVD kyk? *Hy gaan die babamonitor in haar wiegie sit en die "walkie-talkie-ding"(sic) ('n klein tweerigtingradiotoestel) saamneem na waar in die huis hy ookal is. Hy sal dan kan hoor as sy huil.*

Hoofstuk 2

Meneer Stahl, die nuwe IT onderwyser, is baie cool. Die swemgala is later die dag en hy besluit dat hulle nie in sy periode gaan werk nie omdat niemand sal kan konsentreer nie. Hy lei dan 'n klasbespreking oor rekenaarvirusse waarin almal lekker saamgesels. Vyftien minute voor die klok lui, gee hy die opdrag dat almal op die internet moet gaan soek na 'n interessante webwerf en die adres vir hom e-pos voor die einde van die periode. Terwyl sy vriende ywerig begin soek, staar Thomas senuweeagtig by die venster uit.

1. Hoekom besluit meneer Stahl dat hulle nie gaan werk nie? *Daar is 'n swemgala later die dag en hy weet die klas gaan nie op werk kan konsentreer nie, maar net aan die gala dink.*
2. Wat doen hulle in plaas van werk? *Eers hou hulle 'n klasbespreking oor rekenaarvirusse en dan moet hulle 'n interessante webwerf soek en die adres vir meneer Stahl e-pos.*
3. Wat het die Sweetie Pie-virus gedoen? *Die Sweetie Pie-virus*

het “handel gedryf” op die effektebeurs op tye wat die beurs eintlik gesluit was en so die Johannesburgse Effektebeurs lamgelê.

4. *Wat beveel meneer Stahl aan om jou rekenaar teen virusse te beskerm? Hy beveel aan dat die klas anti-virus-sagteware op hul rekenaars installeer en dit dan ook gereeld opgradeer.*
5. *Hoekom moet anti-virus-sagteware opgradeer word? Nuwe virusse word die heelyd geskep en jou sagteware sal nie jou rekenaar teen nuwe virusse kan beskerm tensy jy die opgraderings aflaai nie.*
6. *Hoekom skryf mense, volgens meneer Stahl, rekenaar-virusse? Meneer Stahl sê ’n mens kan eintlik net raai hoekom mense rekenaarvirusse skep, maar noem dan ’n paar moontlikhede. Eerstens sê hy dat die mense wat virusse skep grense toets – owerhede en maatskappye se grense én hul eie grense. Hulle wil hulself intellektueel sover moontlik dryf omdat hulle, soos kuberkrakers, van die grootste rekenaarkundiges is. Om ’n kragtige, verwoestende virus te skep, verg nie net ’n sterk intellek nie, maar ook baie waagmoed. Jy moet dus dapper en slim wees. Daar lê die uitdaging.*
7. *Wat sê Hannes gebeur in Amerika met kuberkrakers? Die regering stel die krakers wat uitgevang word aan om vir die FBI en CIA te werk om hulle stelsels onpenetreerbaar te maak.*
8. *Waarvoor staan FBI en CIA? Die FBI is die Federal Bureau of Investigation en die CIA is die Central Intelligence Agency.*
9. *Waaroor moet hulle gaan webwerwe soek in die laaste 15 minute van die periode? Meneer Stahl wil hê hulle moet webwerwe soek oor enigiets wat hulle interesseer.*
10. *Wat moet hulle doen as hulle ’n interessante webwerf gekry het? Hulle moet die adres vir meneer Stahl e-pos.*
11. *Wat doen meneer Stahl behalwe om IT te gee by die skool? Hy rig ook die rugby en krieket saam met meneer Du Toit af.*
12. *Watter prestasie in rugby het meneer Stahl vroeër behaal? Hy het vir die Vrystaat rugby gespeel.*
13. *Wat is die Vrystaatse rugbyspan se naam deesdae? Die Vrystaatse rugbyspan staan bekend as die Cheetahs.*
14. *Hoekom is Thomas senuweeagtig? Hy moet vanmiddag aan die gala deelneem.*

Klasbespreking

Hier is twee onderwerpe vir bespreking in die klas:

1. In Egipte is dit 'n eer as iemand kamele aanbied vir 'n meisie soos Alex. Sou dit iets wees wat ons in Suid-Afrika moet aanmoedig, of juis nie? Laat die leerders hieroor gons.
2. Lobola is steeds 'n bekende en gewilde praktyk in Suid-Afrika. Dit word gesien as 'n eerbare manier om die man te dwing om homself te bewys en 'n neseier op te bou voor hy kan trou. Jy kan nie sommer net afhaak as jy eers moet lobola betaal nie! Hoe voel die leerders daarvoor?

Hoofstuk 3

Dit is die dag van huisgala by Hoërskool Leeukop. Thomas is baie senuweeagtig omdat hy glad nie geoefen het nie. Terwyl hy aantrek, hoor hy stemme deur die venster en kyk of hy kan sien waar dit vandaan kom. Hy sien meneer Stahl en 'n geheimsinnige vreemdeling in 'n lang swart jas met mekaar gesels by die draad. Sy vriende sit op die pawiljoen om hom te ondersteun, maar dit help hom nie om goed te vaar nie. Verlede jaar se Westelike Provinsie o.13-swemkampioen, Lukas Barnard, is immers saam met hom in die swembad.

1. Hoekom dink Hannes dat Thomas sal goed doen in die swemgala? *Hy dink Thomas sal goed doen in die gala omdat hy nog altyd in swem presteer het.*
2. Hoekom dink Thomas hy sal nie goed swem nie? *Hy het nie soveel geoefen soos voorheen nie. Hy het gedurende die vakansie op Clifton se strand gesit in plaas van om swem te oefen.*
3. Waarop dui die feit dat sy maag draai en hy siek voel? *Die simptome dui daarop dat Thomas senuweeagtig is.*
4. Watter kwartaal is dit en hoe weet jy dit? *Dit is die vierde kwartaal, want dit is Oktober.*
5. Wanneer hou ander skole swemgalas? *Ander skole hou hulle galas aan die begin van die jaar.*
6. In watter ouderdomsgroep neem Thomas deel? *Hy neem deel in die onder-14-groep.*
7. In watter graad is Thomas? *Thomas is in graad 8.*
8. Watter kleure is die vlaggies wat oor die swembad gespan is? *Rooi, geel en blou vlaggies is oor die swembad gespan.*
9. Wat word hierdie drie kleure genoem? *Rooi, geel en blou is die drie primêre kleure.*
10. Wie is die afsitter by die swemgala? *Meneer Du Toit is die afsitter.*

11. In watter soort swembroek neem Thomas deel? *Hy swem in 'n Speedo.*
12. Hou Thomas van sy swembroek? Hoekom dink jy so? *Nee, want hy dink die ou wat Speedo's uitgedink het, moet gedwing word om 'n jaar in die Big Brother-huis te bly of aan Fear Factor deel te neem.*
13. Wat is *Big Brother* en *Fear Factor*? *Albei is Amerikaanse realiteitsprogramme waarvan Suid-Afrikaanse weergawes ook al gemaak is.*
14. Hoekom is dit verdag dat die een man wat by die heining staan en gesels 'n lang swart jas dra? *Dit is 'n warm dag in Oktober en lang swart jasse word gewoonlik in die winter gedra.*
15. Hoe lyk die ou met wie meneer Stahl gesels? *Die man is maer en bleek en dra 'n lang swart jas.*
16. Wat maak meneer Stahl se optrede verdag? *Hy ontvang 'n pakkie van die vreemdeling in die swart jas en steek dit in sy broeksak. Hy trek aan sy klere en kyk senuweeagtig rond wanneer hy begin terugloop na die swembad toe. Dit lyk dus of hy met iets onderduims/skelm besig is.*
17. Hoekom is onderwysers en meisies vir Thomas dieselfde? *Hy verstaan nie onderwysers of meisies nie en hy gaan ook nie eers probeer nie.*
18. Wie is Thomas se grootste kompetisie in die gala? *Lukas Barnard*
19. Watter swemprestasie het Lukas die vorige jaar behaal? *Hy was die Westelike Provinsie se o.13-kampioen in wisselslag, vryslag én vlinderslag.*
20. Wie het die eerste swemnommer gewen? *Lukas*
21. Waaruit lei jy dit af? *Thomas hoor die skare skree "Lukas! Lukas! Lukas!"*
22. Wie sit saam met Alex en Lilian op die pawiljoen? *Gizelle Rossouw*
23. Hoeveelste het Thomas in sy eerste nommer gekom? *Hy het tweede laaste geëindig.*
24. In watter laerskool was Thomas? *Thomas was in Laerskool Leeukop.*
25. Hoe het Thomas die vorige jaar in swem gevaar? *Hy het gewen.*
26. Aan watter items moet Thomas nog deelneem ná sy eerste vernedering? *Hy moet nog vryslag, vlinderslag en twee aflosse swem.*

27. Hoekom sê Hannes swem is beter as hardloop? *Hy sê as 'n mens hardloop, kan almal jou gesig sien as jy laaste kom, maar as jy swem, sien mense net arms en boude. Dit is meer vernederend as mense die uitdrukking op jou gesig kan sien wanneer jy verloor.*
28. Waaroor gesels Lilian en Gizelle? *Hulle gesels oor Karen Zoid.*
29. Wie is die persoon oor wie Lilian en Gizelle gesels? *Sy is 'n Afrikaanse roksanger en sing onder meer 'n moderne weer-gawe van Afrikaners is plesierig.*
30. Hoe wys Lukas vir Thomas dat hy sportmangees het? *Lukas sê vir Thomas hy moet lekker swem voor hulle die tweede keer teen mekaar swem. Hy wens sy teenstander sterkte toe.*
31. Hoeveel deelnemers is daar in die o.14-seuns-vlinderslag? *Daar is ses deelnemers.*
32. Hoe het Thomas in hierdie item gevaar? *Hy het baie sleg gevaar. Hy het laaste gekom.*
33. Hoekom is Thomas so teleurgesteld met sy vertoning? *Hy was nog altyd goed in sport en dis vir hom baie erg om te verloor.*
34. Hoe probeer Hannes vir Thomas oorreed om weer te gaan swem? *Hy sê dis net 'n huisgala, nie die Olimpiese Spele nie. Dis nie 'n belangrike sportgebeurtenis nie. Hy herinner Thomas dat hy glad nie geoefen het nie. 'n Mens kan nie verwag om goed te vaar as jy onfiks is nie. Hy oortuig hom ook dat dit meer pateties gaan lyk as hy sou huis toe gaan as wat hy nog 'n item verloor. Almal sal dink hy's 'n loser as hy huis toe gaan en die meisies sal vir hom lag.*

Klasbespreking

Eish, 'n Speedo ... Dink die leerders Speedo's moet verban word, of is hulle juis goed om in te swem? Hoekom?

Skryfopdrag

Laat die leerders een van die volgende onderwerpe kies:

1. Skryf 'n berig oor die swemgala vir die skoolkoerant.
2. Skryf 'n internetblog oor die swemgala asof jy Thomas is.
3. Skryf vir Thomas 'n e-pos na aanleiding van die swemgala asof jy Lukas, Hannes of Alex is.

Nota bene:

Die lengte van die stuk sal afhang van die klas se vermoëns.

Assessering

Die leerders kan volgens hierdie kriteria geassesseer word:

	7	6	5	4	3	2	1
Hoe goed het die leerder die gebeure in die boek gebruik om hulle eie verhaal mee te vertel?							
Hoe goed het die leerder die styl van die koerantberig / blog / e-pos reggekry?							
Die "stem" en perspektief in elke opdrag sal verskil. 'n Koerantberig is meer klinies, terwyl Thomas, Lukas, Hannes en Alex elkeen 'n ander perspektief sal hê op die gebeure. Hoe goed kon die leerder dit regkry om hierdie aspek in hulle opdrag in te bou?							
Hoe goed het die leerder gespel?							
Hoe goed is die leerder se grammatika?							
Hoe netjies is die leerder se werk?							

Kode	Skaal	Punte (%)
7	Uitsonderlike prestasie	80 – 100
6	Lofwaardige prestasie	70 – 79
5	Beduidende prestasie	60 – 69
4	Redelike prestasie	50 – 59
3	Bevredigende prestasie	40 – 49
2	Elementêre prestasie	30 – 39
1	Nie behaal nie	0 – 29

Hoofstuk 4

Ná die gala gaan die vriende Cyber Tiger toe vir pizza en Transgalactic Blasters. Thomas sê sy pa-hulle gaan weg vir die naweek en dat hulle by sy huis mag kuier. Hannes wil dadelik 'n nuwe rekenaarspeletjie speel, maar die meisies stel nie belang nie. Hulle het ander planne vir die naweek. Harry, die eienaar van die internetkafee, gee vir Thomas en Hannes 'n nuwe rekenaarspeletjie, wat sy vriend ontwerp het, om te toets. Hulle is baie opgewonde oor die eer. Wanneer Thomas by die huis kom, haal hy sy kissie vol aandenkings aan sy ma onder sy bed uit.

1. Wat is Thomas se gunsteling-pizza-vulsel? *Hy hou die meeste van ekstra kaas, salami en sampioene op sy pizza.*
2. Wat eet Alex op haar pizza? *Alex hou van goed wat vir Thomas weird is soos songedroogde tamaties, spinasie en artisjokke.*
3. Wat is Transgalactic Blasters? *Transgalactic Blasters is 'n mengsel van vrugtesappe en energiedrankies wat Harry van die internetkafee meng en verkoop. Hannes en Thomas is sulke gereelde klante by die internetkafee dat Harry dit vir hulle gratis aanbied.*
4. Waar woon Lilian? *Sy woon in Belhar.*
5. Wat maak Thomas die skaamste oor sy swak vertoning in die gala? *Die feit dat hy so swak geswem het terwyl die meisies gekyk het, maak hom die skaamste.*
6. Waarheen gaan Thomas se ouers vir die naweek? *Greyton*
7. Waar gaan hy bly terwyl sy ouers weg is? *Hy gaan by Thabo-hulle slaap, maar deur die dag by sy eie huis wees.*
8. Watter rekenaarspeletjie wil Hannes speel? *Hy wil Night of the Chills IV speel.*
9. In hoeveel lande word die speletjie verkoop? *Die speletjie is al in 36 lande verkoop.*
10. Waarheen gaan Alex en Lilian Vrydagaand? *Hulle gaan by Gizelle kuier omdat sy verjaar.*
11. Waarheen gaan hulle almal Saterdagagaand? *Almal gaan na Thabo se partytjie toe.*
12. Wat gee Harry vir Thomas en Hannes? *Hy gee vir hulle 'n demonstrasie-kopie van 'n nuwe rekenaarspeletjie. Later blyk dit egter 'n rekenaarvirus te wees.*
13. Hoekom gee Harry dit vir hulle? *Sy vriend het dit ontwerp en gesê hy moet dit vir die beste spelers gee wat hy ken. Hulle*

- moet die speletjie uittoets en Harry ken die twee redelik goed aangesien hulle so dikwels in sy internetkafée uithang.*
14. Wat doen Harry benewens die bestuur van die internetkafée? *Harry doen ook programmering vir 'n versekeringsmaatskappy.*
 15. Hoekom is Hannes so opgewonde omdat Harry hulle gekies het? *Dit is 'n eer om 'n nuwe speletjie te kan toets.*
 16. Hoekom vertrek die meisies? *Hulle moet nog vir Gizelle 'n present gaan koop en wil die ouens alleen los dat hulle hul opwinding kan geniet oor die nuwe speletjie.*
 17. Wat haal Thomas onder sy bed uit? *Hy haal 'n houtkissie uit waarop sy volle name gegraveer is. Die kissie is vol foto's, briewe, 'n hangertjie, 'n kasset en 'n paar ander goed. Dit is aandenkings van sy ma. Party van die goed het sy pa vir hom gegee ná sy ma se dood en die ander goed het sy ma vir hom in die kissie gelos.*
 18. Watter prestasie het sy ma op skool behaal? *Sy was Junior Victrix Ludorum en Swemmer van die Jaar.*
 19. Wat is 'n "Victrix Ludorum" en wat is die manlike vorm? *Die meisie of vrou wat die beste vaar in 'n sekere kategorie van sport, of dalk die beste sportvrou van die jaar is in 'n sekere skool of streek, is die Victrix Ludorum. Die manlike weergawe hiervan is 'n Victor Ludorum.*
 20. Hoekom sê Thomas "Volgende keer, Mamma"? *Hy voel hy het sy ma in die steek gelaat omdat sy so 'n goeie swemmer was. Hy wil hê sy ma moet trots wees op hom al lewe sy nie meer nie.*

Hoofstuk 5

Die dag ná die swemgala is Thomas oortuig die hele skool lag vir hom en skinder oor hoe swak hy die vorige dag geswem het. Hannes is gespanne omdat dit later tyd is vir die algemene-kennis-vasvra. Op pad na die aantree-vierkant ontkom hulle van die twee skoolboelies toe dié lummels met mekaar begin baklei dat die bloed spat. In die ry staan Thomas na Alex en bewonder hoe mooi sy geword het. Intussen vertel Alex en Lilian vir Hannes van die skuiling in Lavender Hill waar hulle oor naweke gaan werk. Thomas klink nie beïndruk deur hul welwillendheid nie.

1. Waar wag Hannes vir Thomas? *Hannes wag by die skoolhek.*
2. Hoekom ry die seuns nie saam skool toe nie? *Thomas-hulle het getrek en woon nou nader aan die skool. Hulle bly nie*

- meer om die draai van mekaar nie.*
3. Hoekom is Hannes gespanne? *Dit is die dag van die algemene kennis-vasvra en hy het nie eintlik voorberei nie.*
 4. Hoekom dink Thomas dit sal goed gaan met Hannes in die vasvra? *Hy dink Hannes het 'n baie goeie algemene kennis.*
 5. Hoekom dink Hannes hy sal nie te vrot vaar nie? *Hy dink dit sal nie te vrot gaan nie, omdat Alex saam met hom in die span is.*
 6. Hoekom het die twee nog nie die nuwe speletjie probeer nie? *Thomas was te moeg en het aan die slaap geraak nadat Hannes 'n afskrif van die speletjie vir hom gebring het. Hannes het nie tyd gehad om die speletjie te probeer nie.*
 7. Watter soort uitdrukking is “so dig soos marshmallows”? *Dit is 'n vergelyking.*
 8. Wat gebeur die volgende week in die Goeie Hoop-sentrum? *Die Computer Expo vind daar plaas.*
 9. Hoekom pla Japie en Flip nie vir Thomas en Hannes toe hulle verbygaan nie? *Japie en Flip is besig om met mekaar te baklei.*
 10. Hoekom is meneer Volschenk skrikkerig vir die boelie-broers? *Hulle is groot en sterk en baie gewelddadig.*
 11. Hoekom is Alex en Lilian amper laat vir skool? *Alex-hulle het vergeet om vir Lilian te gaan oplaai.*
 12. Wat word die groen edelstene waarmee Thomas Alex se oë vergelyk, genoem? *Smaragde*
 13. Hoekom dink Thomas 'n mens moet nie verlief raak op een van jou pëlle nie? *Hy dink dit gaan alles bederf. Die vriendskap en die vriendekring sal verander.*
 14. Waar is die skooling waar Lilian Saterdag werk? *Die skooling is in Lavender Hill.*
 15. Wat dink Thomas daarvan dat Alex en Lilian wil werk by 'n skooling? *Hy hou nie daarvan nie, want dit lyk vir hom of hulle eerder saam met vreemde (weird) mense wil uithang as saam met hom en Hannes.*
 16. Wat dink Hannes? *Hy sê nie direk wat hy dink nie, maar hy is die een wat vir Thomas vertel. Hy sê niks negatiefs nie en as Thomas sy opinie lug, trek Hannes net sy skouers op. Hy stem nie saam met Thomas nie.*

Hoofstuk 6

Die skoolsaal is stampvol toeskouers vir die eerste ronde van die Wes-Kaapse Interskole-algemene kennis-vasvra. Thomas kry 'n

sitplek langs Lukas, die swemkampioen, wat hom vra om saam met hom te begin oefen. Thomas stem met graagte in. Meneer Stahl kom langs hom sit en sê vir Thomas dat hy vir hom en Hannes by rekenaarprojekte wil betrek. Thomas sien 'n lêer met 'n rooi skerpioen op tussen die papiere op meneer Stahl se skoot en so vinnig as wat die onderwyser kom sit het, verdwyn hy weer. Alex en Hannes wen die vasvra en terwyl hulle gelukkigewens word, sien Thomas meneer Stahl hou hulle van agter in die saal af dop.

1. Wat is 'n ander Afrikaanse woord vir “tjok-en-blok”? *Stampvol.*
2. Langs wie gaan Thomas sit? *Hy gaan sit langs Lukas, die kampioenswemmer. Lukas sit net drie rye van die verhoog af en daar is twee sitplekke langs hom. Hy roep vir Thomas om langs hom te gaan sit.*
3. Wat vra Lukas vir Thomas? *Lukas wil hê Thomas moet saam met hom swem oefen, omdat dit baie eensaam kan raak as 'n mens alleen oefen. Hy het nie 'n afrigter nie, want professionele afrigters is baie duur. Meneer Du Toit kom help hom van tyd tot tyd, maar Lukas vertrou die inligting wat hy op webwerwe opspoor meer as meneer Du Toit se raad, omdat hy nie veel van swem af weet nie. Hy is mos eintlik die rugby- en krieketafrigter.*
4. Waar kry Lukas inligting om te gebruik in sy oefenprogram? *Hy lees baie oor swemtegnieke. Vermoedelik lees hy sportboeke en -tydskrifte. Hy neem swemgalas op TV op en kyk daarna en verder gebruik hy inligting wat hy op die internet kry.*
5. Hoekom dink Thomas hy is nie in Lukas se liga nie? *Hy het baie ver verloor teen hom in die huisgala en Lukas was die vorige jaar die Westelike Provinsie se o.13-kampioen in drie nommers.*
6. Hoekom stem Lukas nie saam nie? *Hy sê Thomas het goeie tegniek en is net onfiks.*
7. Wat is die skoolhoof se bynaam? *Oros-man*
8. Wat is sy regte naam? *Meneer Volschenk*
9. Wat is die volledige naam van die vasvra kompetisie? *Wes-Kaapse Interskole-algemenekennis-vasvra.*
10. Wie kom langs Thomas sit? *Meneer Stahl kom sit langs hom.*
11. Wie neem aan die vasvra deel? *Hannes en Alex neem saam met ander leerders in graad 8 en 9 deel.*

12. Hoe is die deelnemers gekies? *Elke skool het twee deelnemers op grond van hul algemene kennis gekies.*
13. Hoekom is dit vir Thomas vreemd om langs meneer Stahl te sit? *Meneer Stahl is 'n onderwyser, maar dit is nie ongemaklik om langs hom te sit nie, dis eintlik cool. Meneer Stahl is anders as meeste van die onderwysers. Hy is veel jonger as die meeste ander.*
14. Waaroor komplimenteer meneer Stahl vir Thomas? *Hy komplimenteer hom op sy rekenaarkennis. Hy sê hy is beïndruk met sy en Hannes se rekenaarkennis.*
15. Hoekom komplimenteer meneer Stahl vir Thomas? *Hy wil hom en Hannes betrek by projekte waarmee hy besig is.*
16. Waarmee word die vasvra vergelyk? *Die vasvra word vergelyk met die langste, uitmergelendste wiskundeperiode.*
17. Wat is die skerp pyn wat Thomas in sy sy voel? *Lukas pomp hom seker met die elmboog.*
18. Hoeveel punte het die twee spanne wat gelykop eindig in die laaste ronde van die vasvra? *Albei spanne het 28 punte.*
19. Van watter skole is dié twee spanne? *Hoërskool Leeukop en Cape Boys' College.*
20. Wat is die eerste beslissende vraag? *Wat is die naam van die karakter in die videospelletjie en film, Tomb Raider?*
21. Wie het die karakter in die rolprentweergawe gespeel? *Angelina Jolie*
22. Hoekom moet die vraesteller 'n tweede beslissende vraag vra? *Hannes en 'n ou van die ander span het die antwoord saam uitgeroep.*
23. Wat is die laaste vraag? *Watter Italiaanse kunstenaar se van was Buonarroti?*
24. Wie wen die vasvra? *Hannes en Alex, die span van Hoërskool Leeukop, wen. Hannes het die laaste vraag reg beantwoord.*

Hoofstuk 7

Thomas se vriende, Hannes, Lukas en Thabo kuier by hom terwyl sy pa-hulle weg is. Hulle eet pizza en gesels. Eers praat hulle oor die meisies wat by die skooling werk en dan begin Thabo die nuwe rekenaarspeletjie bespreek wat hulle by Harry gekry het. Hy sê vreemde dinge gebeur nadat 'n mens die tiende vlak klaargemaak het. Hy nooi die ouens na sy huis toe om te kom kyk waarvan hy praat.

1. Hoeveel pizzabokse sit Hannes op die koffietafel neer en wat is op die eerste pizza wat hy oopmaak? *Vier bokse, daar is spek, piesang, pynappel en ekstra knoffel op die eerste een wat oopgemaak word.*
2. Hoekom dink hy dadelik die salami-en-sampioen-pizza is Thomas s'n? *Salami en sampioene is Thomas se gunsteling-pizza-vulsel.*
3. Wie kuier saam met Hannes en Thomas? *Thabo en Lukas kuier saam met Hannes en Thomas.*
4. Wat het Thabo saamgebring? *Hy het 'n bak roomys, 'n pepper-mintpoeding en sjokoladestafies vir nagereg saamgebring.*
5. Waaroor is Thabo se ma bekommerd? *Sy is bekommerd dat Thomas gaan honger ly terwyl sy pa-hulle weg is.*
6. Hoekom hou Lukas nie van sy buurman nie? *Dit is 'n ou oom wat heeltyd kla dat sy hond te veel blaf.*
7. Wat is Hannes se reël vir die eet van 'n pizza? *Hy sê dit is 'n reël dat 'n mens pizza met die hand eet en nie met 'n mes en vurk nie.*
8. Hoekom hou Hannes nie daarvan om by sy suster te bly as sy ouers weg is nie? *Hy dink dit is pateties om jou ouer suster heeldag om jou te hê. Sy maak nie lekker kos nie. Sy kook net groente.*
9. Wat is vir Thomas die lekkerste van alleen by die huis bly? *Sy pa kla nie as hy en sy vriende heeldag rekenaarspeletjies speel nie.*
10. Hoekom sê Thabo die meisies sal na sy partytjie toe kom, maar hulle kom kuier nie saam by Thomas nie? *Hy sê hy is meer sjarmant as Thomas, maar hy maak net 'n grappie.*
11. Hoekom sal Thabo nie by die skuiling wil werk nie? *Hy sê dis neerdrukkend en grillerig.*
12. Wat dink hy daarvan dat die meisies daar werk? *Hy dink dit is 'n goeie ding, omdat hy weet die skuiling het dringend vrywilligers nodig. Hy sê dis cool.*
13. Hoe voel Thomas daaroor? *Hy is 'n bietjie vies omdat dit beteken dat hy minder van Alex sien.*
14. Wat is Thomas se kat se naam? *Cleo*
15. Wat sê Thabo van die nuwe speletjie wat Harry vir Hannes en Thomas gegee het? *Hy dink daar is fout met die speletjie. Hy sê dit is redelik vervelig omdat dit baie maklik is en dit lyk nie of dit deur 'n professionele persoon ontwerp is nie. Toe hy die tiende vlak van die speletjie voltooi het, het die speletjie verdwyn en 'n groot rooi skerpioen het op die skerm verskyn. Daarna het rye en rye nommers verskyn. Hy reken dit lyk soos 'n soort kode.*

16. Het Hannes al dieselfde ervaring gehad? *Nee, want hy kon nie die speletjie klaarmaak nie omdat hy die gras moes sny. Hy het egter ook gedink dis 'n simpel speletjie.*
17. Watter soort T-hemp het Lukas aan? *Hy het 'n Diesel-T-hemp aan.*
18. Wat doen Thomas voor hulle na Thabo se huis toe gaan? *Hy sluit die voordeur en die sekuriteitshek.*
19. Hoekom gaan hulle na Thabo se huis toe? *Hy het die speletjie gestoor op sy rekenaar en hulle hoef dus nie weer die hele speletjie te speel nie. Thabo wil vir hulle gaan wys wat gebeur nadat vlak tien voltooi is.*

Hoofstuk 8

Die vier vriende is in Thabo se kamer en wag vir die rekenaar om die speletjie te laai. Thabo speel vinnig klaar met die tiende vlak van die eenvoudige speletjie wat dan verdwyn. 'n Skerpioen verskyn 'n oomblik lank op die skerm en dan verskyn syfers in ingewikkelde rye en kolomme. Thabo stoor die inligting op sy hardeskyf en Hannes gaan sit dan voor die rekenaar en probeer sin maak uit die patroon wat hy in die syfers raaksien. Sy pa is immers die man wat die Sweetie Pie-virus geklop het. Thomas raak baie ongeduldig, want hy reken dis nou tyd om te gaan DVD kyk en poeding eet.

1. Hoekom het Thabo 'n oomblik nodig? *Sy rekenaar laai nog die speletjie.*
2. Watter wonderlike goed het Thabo in sy kamer? *Hy het 'n rekenaar met 'n webkamera op die monitor, 'n drukker en 'n skandeerder op sy lessenaar. Hy het 'n platskerm-TV met twee luidsprekers wat weerskante uitsteek en 'n DVD-speler oorkant sy bed.*
3. Watse werk doen Thabo se pa? *Hy is die besturende direkteur van 'n groot maatskappy.*
4. Wat doen Thabo se ouma? *Sy is 'n sangoma.*
5. Wat is die basiese speletjie wat Harry vir hulle gegee het? *Dit is 'n motorresiesspeletjie.*
6. Wat is die boodskap aan die einde van die speletjie? *Geluk. Jy is by jou bestemming./Congratulations! You have reached your destination.*
7. In hoeveel kolomme verskyn die syfers op die skerm? *Die syfers verskyn in drie kolomme.*

8. Hoekom haal Thabo diskette uit die laai uit? *Hy wil die syfer-inligting stoor.*
9. Hoekom werk dit nie? *Die lêer is te groot vir die disket.*
10. Hoekom wil Thabo die inligting hou? *Sy pa het hom geleer om nie inligting te vernietig nie al lyk dit onbelangrik, omdat dit dalk belangrik kan wees.*
11. Wat sou gewerk het? *'n CD, 'n DVD of 'n USB-geheuestokkie sou genoeg stoorplek gehad het.*
12. Hoe verklaar Thomas die rye en rye syfertjies wat op die skerm verskyn? *Hy dink die programmeerder was net nie baie goed nie en dis inligting wat hy nie uitgegee het nie.*
13. Hoekom raak hy geïrriteerd met die ouens wat nog met die rekenaarraaisel besig is? *Hy dink dis gemors en hy is lus vir DVD's kyk en poeding eet by sy huis.*
14. Hoekom weet Hannes die syfers is nie net sommer gemors-inligting nie? *Hy sien 'n patroon raak en weet dit beteken iets al weet hy nog nie wat nie.*
15. Watse werk doen Hannes se pa? *Hy is 'n rekenaar-programmeerder. Hy besit sy eie inligtingstelselbesigheid, Dynamic Technologies.*
16. Hoekom is Hannes se pa bekend? *Hy het die Sweetie Pie-virus gekraak. Dit is die virus wat die Johannesburgse Effektebeurs lamgelê het.*
17. Hoekom sit Hannes met homself en praat en notas maak? *Hy probeer sin maak uit die syferpatrone op die skerm.*

Hoofstuk 9

Thabo se huis is vol mense die aand van sy partytjie. Oral staan seuns en meisies en gesels en die musiek pomp behoorlik. Hannes dans soos 'n mal hoender en Thabo en Thomas gaan dans saam om hul vriende te vermaak. Toe die stadiger musiek begin speel, gaan vra Thomas vir Alex om te dans. Hy geniet die dans so baie dat hy nie eers hoor toe die musiek ophou nie. Thabo dink dis wonderlik dat hy vir Alex gevra het om te dans, maar Hannes is bekommerd dat sy vriende nou net meisies op die brein het. Dan stel Thabo voor hulle gaan speel *Age of Empires*. Thomas kyk terug en sien Alex doen die Egyptian walk.

1. Hoekom is daar so baie mense by Thabo se partytjie? *Nuus van die partytjie het vinnig versprei by die skool en mense wat hy glad nie ken nie het opgedaag.*

2. Wat het op Thabo se vorige partytjie gebeur? *Hy het 'n paartjie gevang vry in sy ouers se kamer.*
3. Hoe lyk Hannes se dans? *Dit lyk soos iets tussen Lord of the Dance en Michael Jackson.*
4. Vir watter danspassie is Michael Jackson bekend? *Moonwalk*
5. Watter een van die vriende was vir 'n dag 'n balletdanser? *Hannes*
6. Hoekom dink Thomas Hannes moet vir Lilian vra vir die slow dance? *Hy dink/weet Hannes is verlief op Lilian.*
7. Vir wie vra Thomas om te dans? *Thomas vra vir Alex om te dans.*
8. Wat kan die leser hieruit aflei? *'n Mens kan aflei dat Thomas regtig verlief is op Alex.*
9. Wat doen Thabo met die meisie met wie hy dans? *Hy fluister in haar oor.*
10. Hoekom wil Thomas nie vir Alex soen nie? *Hy wil haar nie voor almal soen nie en dink in elk geval sy sal hom klap.*
11. Wat besluit hy om te doen? *Hy maak sy oë toe en neurie saam met die musiek. Hy reken as hy dit doen, hoef hulle nie te praat nie.*
12. Hoekom het Thomas nie gehoor dat die musiek ophou nie? *Hy het hard saamgeneurie en het dit so geniet om naby Alex te wees dat hy nie eintlik meer na die musiek geluister het nie.*
13. Hoekom is Thomas se hande klam nadat hy klaar met Alex gedans het? *Hy was gespanne toe hy met haar gedans het en sy hande het gesweet.*
14. Hoekom is Hannes nie beïndruk met Thomas nie? *Hy het met een van hul vriendinne gedans en Hannes is bang sy vriende het nou net meisies op die brein.*
15. Wat stel Thabo voor moet hulle volgende doen? *Hy stel voor hulle vergeet van meisies en gaan speel 'n rekenaarspeletjie, Age of Empires.*
16. Hoekom slaan Hannes amper vir Thomas met die vuis? *Hy slaan hom amper omdat hy hom spot oor sy balletgeskiedenis.*

Hoofstuk 10

Maandagoggend voor skool het Thomas en Lukas gaan swem oefen en teen die tyd wat hy aantree vir skool, is hy blou van die koue. Hy en Hannes kom bietjie laat by die menslike- en sosiale-wetenskappe-klas aan waar die Franse Rewolusie die onderwerp van die dag is. Tussendeur probeer Hannes vir Thomas oortuig

dat iets vreemds met die speletjie aan die gang is. Ná skool gaan Thomas, Hannes, Lilian en Alex Cyber Tiger toe om vir Harry te gaan sê die speletjie is flou en om te hoor of hy iets weet van die vreemde kode. Harry is egter nie by die werk nie. Die vreemdeling agter die toonbank sê vir Alex dat Harry die vorige aand in sy huis aangeval en nou in die hospitaal is.

1. Hoekom trek Thomas sy skooltrui aan? *Hy kry koud omdat hy voor skool saam met Lukas geswem het en die swembadwater is baie koud.*
2. Watter see dink Thomas is warmer as die skoolswembad? *Die Baltiese See. (NB: Die leerders kan gerus die Baltiese See opsoek. Dis 'n gebied oos van Swede, noord-Duitsland en Pole en wes van Finland, Estonië, Latvië en Luthianië.)*
3. Wat is die ander naam vir hierdie see? *Die Oossee.*
4. Hoekom wil Thomas nie laat wees vir juffrou Alberts se klas nie? *Sy gee maklik detensie vir laatkommers.*
5. Watter vak gee juffrou Alberts? *Menslike- en sosiale-wetenskappe*
6. Wat bespreek hulle in die klas? *Hulle bespreek die Franse Rewolusie.*
7. Hoe kommunikeer Hannes met Thomas in die klas? *Hy skryf vir hom 'n briefie op 'n stukkie papier.*
8. Wat het die wit kolle op Hannes-hulle se gras veroorsaak? *Die tuinier, Tony, het swembadsuur op die gras gemors.*
9. Wat het Hannes gedink het die kolle veroorsaak? *Hy het gedink aliens het op hulle gras geland.*
10. Hoekom het Hannes die polisie gebel oor Carla se kêrel? *Hy het gedink die ou lyk soos iemand wat hy op Crime Stop gesien het.*
11. Hoekom slaan Thomas nie ag op wat Hannes van die speletjie sê nie? *Hy dink Hannes se verbeelding is weer op hol.*
12. Hoekom is Hannes verdiep in die drukstukke wat hy by Thabo gekry het? *Hy probeer steeds die patroon ontrafel.*
13. Hoekom val Thomas amper van sy stoel af toe die klok lui? *Hy het vir Alex sit en kyk en gewonder hoe haar hare voel. Haar hare het hom byna gehipnotiseer. Hy was nie besig om te luister na wat die onderwyser sê nie en het nie geweet die periode staan einde se kant toe nie.*
14. Watter huiswerk gee juffrou Alberts? *Daar gaan 'n klastoets wees oor die werk wat hulle gedurende die periode behandel het.*
15. Wie is Sherlock? *Sherlock Holmes. Hy is 'n fiktiewe speurder.*

16. Vir wie probeer Hannes oortuig van sy vermoedens? *Hy wys vir Alex die drukstukke en verduidelik vir haar wat aangaan.*
17. Hoekom wys hy nie die inligting vir sy pa nie? *Sy pa is in Johannesburg vir besigheid en Hannes wil die probleem oplos voordat sy pa by die huis kom.*
18. Hoekom wil Hannes vir Harry die game gaan wys? *Hy wil vir hom terugvoer gee wat hy aan sy vriend kan oordra en hy wil vra of Harry iets van die kodes af weet.*
19. Hoekom stem Thomas in om saam met hom Cyber Tiger toe te gaan? *Alex en Lilian gaan hulle by die internetkafee ontmoet en hy wil graag tyd saam met Alex deurbring.*
20. Waarom vermoed Hannes onraad by die internetkafee? *Harry is nie daar nie en hy sal nooit die kafee net so los nie. Die ou wat daar is, Stan, stel glad nie belang in die klante nie. Dit lyk dus nie of hy regtig daar is om die kafee te bestuur nie.*
21. Waar is Harry? *Harry is in die hospitaal omdat hy in sy huis aangeval is.*
22. Hoekom vermoed die polisie dat Harry sy aanvaller geken het? *Daar is geen teken van 'n inbraak nie. Harry het dus die deur oopgemaak en hy sou dit net oopmaak vir iemand wat hy ken.*
23. Wat beteken die aanval op Harry vir Hannes? *Dit beteken iets vreemd is aan die gang en hy glo die sleutel is op die CD met die speletjie.*

Hoofstuk 11

Dit is 'n slapelose nag vir Thomas wat hom oor heelwat dinge lê en bekommer. Dan is daar 'n vreemde geluid by sy buitedeur. Terwyl hy beangs na die deur staar, sien hy 'n donker figuur in 'n lang, donker jas by die kamer insluip. Die man werk vinnig en geluidloos in 'n soektog deur Thomas se lessenaar en sy kamer. Hy skyn sy flitsliggie vir 'n rukkie op Thomas wat lê en maak of hy slaap. En net so gou en stilletjies as wat hy ingekom het, sluipt die man weer uit.

1. Hoe laat kyk Thomas op die wekker? *2:33vm/02:33*
2. Watter soort wekker het hy? *Hy het 'n elektroniese wekker.*
3. Wat beteken “soos 'n lyk voel”? *Dit beteken om baie moeg te wees en om nie energie te hê nie.*
4. Watter woord ('n intensiewe vorm) beteken dieselfde as “soos 'n lyk voel”? *Doodmoeg*
5. Hoekom het die bome skrikwekkende vorms? *Dit is in die mid-*

del van die nag en in die dowwe lig lyk die bome heeltemal anders as in die dag. Die bome beweeg ook as gevolg van die suidooste-wind wat waai. Die beweging en die dowwe lig laat dit vir Thomas skrikwekkend lyk.

6. In watter kamer slaap Thomas en waar in die huis is dié kamer? *Hy slaap in die solderkamer bo in die huis.*
7. Hoekom hou Thomas so baie van hierdie kamer? *Hy het meer vryheid en privaatheid as wat hy sou gehad het as hy 'n gewone kamer in die huis gehad het. Die kamer is soos 'n eie verdieping in die huis en het ook 'n buitetrapp. Omdat die kamer heelbo in die huis is, hoor hy nie eintlik die baba as sy huil nie en omdat hy die buitetrapp het, kan hy uitgaan wanneer hy wil.*
8. Hoekom kan Thomas nie slaap nie? *Hy is bekommerd en verward oor die gebeure van die afgelope tyd. Die speletjie met die vreemde skerpioen en die vreemde syfer-kode pla hom, omdat hy dit nie verstaan nie. Hy weet iets is aan die gang, maar weet nie wat nie. Hy is ook ontsteld omdat Harry, die bestuurder van die internetkafee, aangeval is in sy huis en nou in die hospitaal is. Hy weet nie of dit bloot net nog 'n misdaad was en of dit verband hou met die speletjie nie. Boonop is daar die moontlikheid dat Harry se lewe in gevaar is. Oor twee dae moet hy weer in 'n gala swem en hy is bang hy verloor weer – veral met Alex wat vir hom kyk.*
9. Wat dink Thomas is die oorsaak van die geluid by sy buite-deur en hoekom skakel hy twee van die moontlikhede uit? *Eers dink hy dis Cleo, sy kat, wat krap teen die deur om in te kom. Hy besef dan dit kan nie die kat wees nie, omdat sy die katdeurtjie by die kombuis gebruik. Dan dink hy dit is dalk Thabo, maar besef dan Thabo sal aan die slaap wees, omdat dit al 02:45 is. Hy weet daar is beslis iemand – 'n vreemde-ling /inbreker – by die deur.*
10. Hoekom maak Thomas sy oë instinkief toe toe die inbreker in sy rigting kyk? *Watter instink is hier ter sprake? Hy probeer homself beskerm en sy eie lewe red. Dit is sy oorlewings-instink wat hom dit laat doen. As die inbreker dink hy slaap, sal hy hom hopelik uitlos, maar as hy dink Thomas het hom gesien, sal hy hom dalk doodmaak sodat daar nie ooggetuies van sy misdaad is nie.*
11. Wat sien Thomas toe hy weer sy oë oopmaak? *Hy sien die inbreker soek op die lessenaar rond. Hy het 'n klein flitslig-gie en dra handskoene. Die inbreker maak al die CD-kassies stilletjies oop in sy soektog.*

12. Waarna dink jy soek die inbreker? *Hy soek moontlik na Thomas se kopie van die speletjie wat Harry vir hulle gegee het.*
13. Hoekom voel dit vir Thomas asof hy vasgevang is in 'n fliëk sonder klank? *Hy is 'n toeskouer van die inbraak soos wat hy 'n toeskouer sal wees by 'n fliëk. Dit gebeur in die middel van die nag en die huis is baie stil en die inbreker werk geluidloos. Daar is dus nie 'n "klankbaan" nie.*
14. Wie dink jy is die inbreker en hoekom dink jy so? *Dit kan die man wees wat met meneer Stahl by die skool se heining gepraat het op die dag van die eerste gala. Dié man het ook 'n lang swart jas gedra.*
15. Hoekom voel dit vir Thomas of die liggie so lank op hom skyn? *Hy is bang en weet hy is in gevaar. Dit beïnvloed sy konsep van tydsverloop. Hy weet nie hoe lank dit regtig was nie omdat hy nie op sy wekker kon kyk nie.*
16. Die geluid by die deur word aangedui as "Griiitsss". Wat noem 'n mens so 'n woord? *Klanknabootsing*

Hoofstuk 12

Lukas, Thomas en Hannes kuier by Thabo. Hannes is nou oortuig daar is 'n virus op die CD met die speletjie wat Harry vir hulle gegee het. Thomas kan nie op die bespreking konsentreer nie en vertel dan vir sy vriende van die inbraak die vorige nag. Die vier besluit om die raaisel op te los en die volgende middag weer bymekaar te kom.

1. Saam met wie en waar kuier Hannes en Thomas? *Hannes en Thomas kuier saam met Thabo en Lukas in Thabo se kamer.*
2. Wat is Hannes se teorie? *Hannes sê die syfers op die CD is die geraamte van 'n virus.*
3. Hoekom is Hannes so seker van sy saak? *Hy het op die internet navorsing gedoen en het al baie virusse gesien waarmee sy pa werk.*
4. Wie sal die finale beslissing kan maak oor wat die syfers is? *Hannes se pa sal kan sê wat dit is en wat dit kan doen.*
5. Hoekom wil Thomas nie vir sy pa-hulle sê wat die vorige aand in sy kamer gebeur het nie? *Hy is seker Louisa sal hom dwing om uit die solderkamer uit en in die spaarkamer in te trek. Hy wil nie langs sy pa-hulle slaap nie. Dan sal hy beslis die baba hoor huil en dan het hy nie meer die vryheid wat 'n buitetrapp bied nie.*

6. Wat is vir Thomas vreemd van die inbraak? *Die inbreker het niks gesteel nie en nie sy kamer omgekrap nie. Dit lyk nie of daar die vorige nag iemand in sy kamer was nie.*
7. Hoekom besluit Lukas om Hannes te help om uit te vind wat aangaan? *Hy sê die hele storie klink verdag en begin gevaarlik raak. Hy reken dit kan nie kwaad doen om uit te vind wat aangaan nie.*
8. Hoekom wil Thabo vir Hannes help om uit te vind wat aangaan? *Hy weet ook iets is aan die gang en hy dink hulle sal by die antwoord uitkom as Hannes sy instink volg.*
9. Hoekom stem Thomas in om te help? *Hy voel nie of hy 'n keuse het nie. Hy weet verseker iets gevaarlik is aan die gang en hy wil nie hê iets soos wat die vorige nag gebeur het, moet weer gebeur nie. Daar is ook 'n mate van groepdruk omdat die ander drie al klaar besluit het om die raaisel te probeer oplos.*
10. Wat stel Hannes voor moet hulle eerste doen? *Hy wil hê Thomas en Lukas moet Cyber Tiger toe gaan en vir die nuwe ou vra in watter hospitaal Harry is. Thabo moet inligting oor virusse op die internet soek en Hannes sê hy sal met meneer Stahl gaan praat.*
11. Waar wil Thabo met sy soektog begin? *Hy wil begin op die internet in kletskamers waar kuberkrakers uithang. Hy wil hulle vra of hulle weet van 'n nuwe virus.*
12. Hoekom wil Hannes met meneer Stahl praat? *Hy dink meneer Stahl sal kan help omdat hy meer van rekenaars weet as hulle.*
13. Wanneer is die volgende gala? *Die tweede gala is die volgende dag.*
14. Aan hoeveel galas het Lukas en Thomas al deelgeneem vandat hulle saam begin oefen het? *Hulle het nog nie aan 'n gala deelgeneem vandat hulle saam begin oefen het nie.*
15. Hoekom bied Thabo aan dat hulle by sy huis kan bymekaarkom die volgende dag? *Sy ma het een of ander vergadering by hulle huis die volgende middag en daar sal oorgenoeg eetgoed wees.*

Hoofstuk 13

Die swemgala loop veel beter af as wat Thomas verwag het. Later die middag is Thomas, Alex, Lukas en Lilian in die Cyber Tiger. Wanneer Thomas en Lukas vir Stan wil gaan vra in watter

hospitaal Harry is, verdwyn hy in 'n agterkamer. Die seuns volg hom en sien 'n rusie tussen hom en meneer Stahl. Dan besef Thomas dat dit Stan was wat die dag van die eerste gala by die skool met die rekenaaronderwyser gepraat het. Intussen het Alex en Lilian uitgevind in watter hospitaal Harry is en almal kies koers voor besoektyd verby is.

1. Wie het vir Thomas kom ondersteun by die gala? *Hannes, Alex en Lilian het gekom om vir Thomas te ondersteun.*
2. Hoekom kyk Thomas verskrik op in die swembad toe hy sien die bane langs hom is leeg? *Hy dink hy het weer verloor soos met die huisgala.*
3. Wat laat blyk dat Thomas se vermoede verkeerd is? *Alex en Lilian omhels mekaar op die pawiljoen en Hannes steek sy vuus in die lug. Hulle sou nie so uitbundig gereageer het as hul vriend verloor het nie.*
4. Hoe het Thomas in dié item gevaar? *Hy het derde gekom en vier punte vir sy skool verdien.*
5. Wat was die nommer waaraan Lukas en Thomas deelgeneem het? *Hulle het deelgeneem aan die vyftig-meter-vryslag vir seuns onder 14.*
6. Hoe het Lukas in die gala gevaar? *Hy het gewen en ses punte vir sy skool verdien.*
7. Wat beteken “chicks dig it”? *Meisies hou daarvan.*
8. Daar is twee fliëks ter sprake: *Lord of the Rings* en *Harry Potter and the Philosopher's Stone*. Watter een dink Alex is die beste? *Alex dink Lord of the Rings is die beste.*
9. Watter fliëk dink Thomas is die beste? *Thomas dink Harry Potter and the Philosopher's Stone is beter as Lord of the Rings.*
10. Wanneer is Gizelle se partytjie? *Gizelle se partytjie is die volgende naweek.*
11. Hoekom dink Thomas hy is nie genooi nie? *Gizelle het die uitnodigings per e-pos gestuur en Thomas het nog nie daardie dag sy e-pos gelees nie.*
12. Wat laat Thomas se opinie van Alex verander? *Alex vertel baie opgewonde vir Lilian dat die nuwe ou in graad 11 ook na die partytjie toe gaan kom. Die twee meisies begin dan opgewonde fluister en Thomas besef Alex is nié anders as ander meisies soos hy gedink het nie.*
13. Waar is Siberië? *Siberië is in die Russiese Federasie en is baie ver noord – dit is feitlik altyd bitter koud daar.*

14. Watter ooreenkoms is daar tussen Stan en die ou wat in Thomas se kamer was? *Albei mans dra 'n jas.*
15. Hoekom beteken dié ooreenkoms nie veel vir Thomas nie? *Hy weet enigiemand kan 'n jas dra. Dit beteken nie sonder twyfel dat Stan in sy kamer was nie.*
16. In die plek van watter woorde kan die @-simbool in SMS'e staan? *Dit kan staan vir teen of by.*
17. Met wie praat Stan in die agterste kamertjie van die Cyber Tiger? *Stan praat met meneer Stahl.*
18. Beteken die jas-ooreenkoms nou meer? *Ja. Thomas het nou drie mans in jasse gesien: die man wat met meneer Stahl gepraat het op die dag van die eerste gala, die man in sy kamer en Stan in die Cyber Tiger. Die feit dat Stan nou met meneer Stahl praat, laat die leser aflei dat dit elke keer Stan kon wees. Die vermoede word bevestig toe Thomas onthou hy het vir Stan die dag van die huisgala gesien.*
19. Hoekom is meneer Stahl se optrede verdag? *Hy is gewoonlik koel en kalm, maar nou is hy kwaad en hy dreig vir Stan.*
20. Hoe het die meisies uitgevind in watter hospitaal Harry is? *Hulle het al vier hospitale in die middestad gebel.*
21. In watter hospitaal is Harry? *Hy is in die Skiereiland Medi-Kliniek.*

Blokkiesraaisel

Daar is 'n oulike blokkiesraaisel agter in die boek wat al die werk dek tot op hierdie stadium (sien Deel 4).

Hoofstuk 14

Thomas, Lilian, Lukas en Alex gaan kuier vir Harry in die hospitaal. Hy het 'n groot wit verband op sy kop en sy ooglede is erg gekneus. Al wat hy kan uitkry, is om vir water te vra en hulle te waarsku om die CD wat hy vir hulle gegee het te vernietig omdat dit 'n fout was. Dan kom sê 'n verpleegster hulle moet gaan. Alex laat dit duidelik blyk dat sy ook wil hê hulle moet die CD vernietig, omdat hulle ook kan seerkry.

1. Hoekom staan Thomas-hulle onseker in die ontvangsportaal rond? *Hulle weet Harry is op die vierde vloer, maar hulle weet nie in watter kamer hy is nie.*
2. Wat is Harry se van? *Potgieter*
3. Wie vra vir die verpleegster in watter kamer Harry is? *Lilian vra vir die verpleegster in watter kamer Harry is.*

4. In watter kamer is Harry? *Hy is in kamer 406.*
5. Hoe lank mag hulle by hom kuier? *Hulle mag nie langer as vyftien minute/n kwartier by hom kuier nie.*
6. Hoekom mag hulle nie lank by Harry kuier nie? *Harry moet rus sodat hy van sy beserings kan herstel.*
7. Watter eienskappe identifiseer Alex sarkasties by die verpleegster? *Sy sê sy loop oor van warmte en liefde.*
8. Hoe tree die verpleegster in werklikheid teenoor hulle op? *Sy is kortaf en baie streng met hulle.*
9. Hoeveel ander pasiënte is saam met Harry in die kamer? *Daar is geen ander pasiënte saam met Harry in die kamer nie.*
10. Watter soort beserings het Harry? Hoe weet jy dit? *Hy het kopbeserings. Sy kop is in 'n groot wit verband toegedraai.*
11. Wat het Alex vir Harry gebring? *Sy het 'n bos blomme en 'n kaartjie gebring.*
12. Hoekom is Thomas se optrede onsensitief? *Hy kry nie vir Harry jammer nie. Hy is vies omdat hy slaap en hulle nie met hom kan praat nie. Hy dink aan homself en nie aan Harry nie.*
13. Hoe besef Thomas hy was onsensitief? *Hy sien dat Alex en Lilian verontwaardig na hom kyk.*
14. Met watter woord druk Thomas sy ongeduld uit? *Dêrn*
15. Watter soort woord is dit? *Dit is 'n kragwoord.*
16. Wat sê Harry vir hulle? *Hy sê hulle moet die CD wat hy vir hulle gegee het, gou vernietig, want dit was 'n fout.*

Hoofstuk 15

Lukas en Thomas wag saam met Thabo in sy kamer vir Hannes, maar hy is laat. Wanneer Hannes se pa bel om hom te soek en sê hulle weet nie waar hy is nie, raak Thomas en Lukas bekommerd. Thabo waarsku dat hulle nie oorhaastige gevolgtrekkings moet maak nie. Dan bel Hannes om te sê hy was heelmiddag by Alex en hulle het heelwat uitgevind oor die virus op die CD. Hy sê die ander drie moet weer die speletjie speel en kyk waar die motor stilhou voor die skerpioen en die kode verskyn. Dít is glo die sleutel ...

1. Wat kan die leser uit Thabo se reaksie aflei, het Thomas en Lukas vir hom gesê? *Die leser kan aflei hulle het hom van Harry se waarskuwing oor die CD vertel.*
2. Hoe laat is dit al terwyl die vriende vir Hannes wag? *Dit is al halfsewe en hy is nog nie daar nie.*

3. Hoekom is Thabo versigtig om nie te verdag voor te kom in die kletskamers op die internet nie? *Hy wil nie hê die mense in die kletskamers moet dink hy het 'n virus ontwerp nie.*
4. Hoe het Hannes sy vriende laat weet hy kom ses-uur na Thabo toe? *Hy het vir Thomas 'n SMS gestuur.*
5. Waarvoor staan SMS? *Short Message Service*
6. Hoekom dink Lukas en Thabo Thomas moet vir Alex uitvra? *Hulle het uit die manier hoe Thomas lyk as sy naby is, en hoe hy reageer as sy met ander ouens praat, afgelei dat hy van haar hou.*
7. Wat stel Lukas voor vir Thomas se eerste afspraak met Alex? *Hy stel voor hy vat haar fliék toe.*
8. Hoekom word Thomas bloedrooi? *Hy bloos omdat sy vriende agtergekom het hy hou van Alex. Hy voel skaam daarvoor en wil nie met hulle daarvoor praat nie.*
9. Wat is Hannes se pa se naam? *Francois*
10. Wat is Hannes se ma se naam? *Leatitia*
11. Hoekom soek Hannes se pa na hom? *Hy was nie by die skool toe sy ma hom gaan oplaai het nie en sy het gedink hy is by Thomas-hulle. Toe sy ouers hom op sy selfoon probeer bel het, was dit afgeskakel.*
12. Wat sê Hannes se pa vir Thomas van die virus? *Hy sê dit is een van die gevaarlikste virusse wat hy nog gesien het. Hy probeer nog uitvind waar dit gaan toeslaan en presies wat dit gaan doen.*
13. Waar was Hannes die heelyd? *Hannes was by Alex.*
14. Hoekom was hy daar? *Alex het hom gehelp om goed omtrent die speletjie en die virus uit te werk en te verstaan.*
15. Wat het hy nou finaal uitgevind? *Hy het uitgevind dat daar beslis 'n virus op die CD is.*
16. Wat dink Hannes is die sleutel tot die virus-raaisel? *Hannes dink die plek waar die motor stilhou voordat die skerpioen en die kodes op die skerm verskyn, is die sleutel.*
17. Wat doen Thabo nadat Thomas klaar met Hannes gepraat het? *Thabo begin weer die speletjie laai sodat hulle kan kyk waar die motor stilhou.*

Hoofstuk 16

Thomas is op pad skool toe vir die oefening saam met Lukas. Hy is vroeg en begin alleen swem. Dan sien hy iemand op die pawiljoen in sy goed krap. Dis Stan! Die ou stap dan swembad

toe en val vir Thomas in die water aan. Hy waarsku hom dat hy en sy maats moet vergeet van die virus. Hy dreig Thomas en sê hy en Stahl het besigheid om te doen. Hy impliseer ook dat hy vir Harry aangeval het.

1. Waarheen is Thomas op pad? *Hy is op pad skool toe vir sy swemoefening saam met Lukas.*
2. Hoekom is hy vroeg? *Hy kon glad nie slaap nie en het vroeg begin regmaak om skool toe te gaan.*
3. Hoekom is Thomas kwaad omdat Hannes die vorige middag alleen by Alex was? *Hy is verlief op Alex en is bang Hannes vra haar uit. Hy is jaloers omdat hy graag alleen saam met Alex sal wil wees.*
4. Hoekom wil Thomas sy kop skoonkry? *Hy wil vir 'n rukkies aan iets anders dink as die virus op die CD of die Alex-situasie.*
5. Wat sien Thomas op die pawiljoen? *Eers is dit net 'n beweging wat sy oog vang, maar wanneer hy kyk, sien hy iemand is besig om sy skooltas en sportsak te deursoek. Toe die man regop kom, sien hy dis Stan.*
6. Wat doen Stan nadat hy van die pawiljoen afgekomp het? *Hy stap na die swembad en druk Thomas terug in die water in toe hy probeer uitklim.*
7. Wat probeer Stan doen? *Stan probeer vir Thomas skrikmaak. Hy wil hê Thomas moet dink hy gaan hom verdrink, omdat hy Thomas se kop 'n paar keer onder die water indruk.*
8. Hoe laat is dit wanneer Thomas op sy horlosie kyk? *Dit is tien oor ses.*
9. Hoekom sal dit nie help as Thomas skreeu nie? *Daar is nog niemand by die skool nie en die opsigter se huis is te ver. Hy sal nie hoor as Thomas skreeu nie.*
10. Hoekom val Stan vir Thomas aan? *Hy wil hom waarsku dat hy en sy vriende moet vergeet van die CD en die virus en met niemand daaroor praat nie. Hy wil ook hê Thomas moet weet hy sal hom seerder maak as hy nie luister nie.*
11. Waaruit kan die leser aflei dat dit Stan was wat in Thomas se kamer ingebreek het? *Stan sê vir hom hy weet waar hy bly en voeg by: "Nice room at the top".*
12. Wat bedoel Stan met "my ore is getune"? *Hy het kontakte en sal weet as die vriende aanhou met hul navorsing oor die virus.*

Hoofstuk 17

Thomas vertel vir Hannes van die aanval in die swembad. Hulle weet nou dat Stan en meneer Stahl kop in een mus is en dat die virus ontwerp is om banke aan te val. Hannes sleep dadelik vir Thomas saam rekenaarkamer toe waar hy die sentrale rekenaar se hardeskyf formateer. Net toe meneer Stahl by die rekenaarkamer aankom, keer die skoolopsigter hom voor om te sê sy motor se remligte brand nog. Dit koop vir Hannes en Thomas genoeg tyd om klaar te maak en in die pakkamertjie weg te kruip. Deur die deur luister hulle twee verdagte telefoongesprekke af.

1. Hoekom is Thomas uitasem toe hy uit die swembad klim? *Hy moes vir 'n lang tyd watertrap om weg te bly van Stan en dit het hom moeg gemaak.*
2. Watter simptome het Thomas en waarop dui dit? *Sy arms voel lam, sy hart klop hard en vinnig en hy voel duiselig. Dit dui daarop dat hy bang is en groot spanning beleef het.*
3. Wie wil hy dadelik bel? *Hy wil dadelik Hannes se pa bel.*
4. Hoekom wil hy hom kontak? *Hy wil hom kontak omdat hy weet meneer Stahl is by die storie betrokke, maar hy weet nie hoe nie. Hannes se pa sal weet wat om met die inligting te doen.*
5. Hoekom dink/weet Thomas hy en Hannes kan nie dié probleem alleen oplos nie? *Hy weet Stan is nie reg in sy kop nie, want hy het vir hom en Harry aangeval en in sy kamer ingebreek om die CD te soek. Thomas dink hulle almal se lewens is in gevaar en daarom kan hy en Hannes dit nie alleen hanteer nie.*
6. Watter drukstukke het Stan in die Cyber Tiger opgetel? *Hy het die drukstukke met die syferkodes opgetel wat Thabo gemaak het.*
7. Hoekom wil Hannes na die rekenaarkamer toe gaan? *Hy wil gaan kyk of meneer Stahl die virus op die skool se rekenaar ontwerp het en dit dalk daarop stoor.*
8. Wat is die virus se teiken? *Die virus val banke aan en onttrek geld uit rekeninge.*
9. Waaruit lei Hannes af dat die virus banke sal aanval? *Die motor in die speletjie hou voor 'n bank stil voordat die skerpioen en die kodes op die skerm verskyn.*
10. Wie het een van die kodes as 'n bank se takkode herken? *Alex*

11. Hoekom dink Hannes Alex is so slim? *Sy het haar bank se takkode herken en min mense ken dié kode uit hul kop.*
12. Watter bank se takkodes is in die kodering? *Die Verenigde Bank.*
13. Hoekom sal meneer Stahl nie dadelik na die rekenaarkamer toe gaan nie? *Hy moet 'n krieketvergadering bywoon.*
14. Hoekom was Lukas nie dié oggend by die swemoefening saam met Thomas nie? *Hy moet ook die krieketvergadering bywoon.*
15. Wat doen Hannes op die rekenaar? *Hy soek die lêer met die virus.*
16. Wat is die lêernaam? *Scorpion.exe*
17. Hoekom formatteer Hannes die skool se sentrale rekenaar? *Hy sê dit is die enigste manier om die virus te vernietig.*
18. Hoekom dink Hannes en Thomas hulle sal in die moeilikheid kom as hy die rekenaar formatteer? *As hulle die rekenaar formatteer, vee hulle al die inligting op die stelsel uit. Al die punte wat in die rekenaar ingevoer is en die onderwysers se lêers wat hulle op die stelsel stoor, sal ook uitgewis word.*
19. Watter moeilikheid voorspel hulle? Wat sê hulle voorspellings vir die leser van hul karakters? *Hannes dink hulle sal uit die skool geskors word. Sy voorspelling dui daarop dat hy 'n realis is. Hy weet wat hy doen is 'n ernstige oortreding en dat hy 'n swaar straf te wagte kan wees. Thomas dink hulle sal tronk toe gaan. Sy voorspelling dui daarop dat hy veel banger is as Hannes vir die gevolge van hulle oortreding. Hy is nie realisties nie en voel nie in beheer nie, omdat die formattering Hannes se idee is.*
20. Hoe formatteer Hannes die rekenaar? *Hy gaan in DOS-formaat en tik die opdrag format c: /s*
21. Hoe weet Hannes en Thomas meneer Stahl is op pad? *Hulle hoor stemme op die stoep en herken meneer Stahl s'n. Dan hoor hulle voetstappe wat in die gang afkom en voor die rekenaarkamer stop.*
22. Wie keer vir meneer Stahl voor in die gang voordat hy in die rekenaarkamer ingaan? *Johnnie, die opsigter keer hom voor.*
23. Hoekom keer hy vir meneer Stahl voor? *Hy kom sê vir meneer Stahl dat sy motor se remligte nog brand en bied aan om dit vir hom reg te maak.*
24. Waarheen vlug Thomas en Hannes nadat die rekenaar geformateer is? *Hulle vlug in die pakkamertjie in.*

25. Hoekom vee Thomas die “sleutelbord en oral waar hulle moontlik gevat het” af? *Hy wil al hul vingerafdrukke afvee sodat hulle nie gevang kan word nie. Hy is bang die polisie of meneer Volschenk sal dink dit was hy en Hannes wat die virus op die rekenaar gesit het.*
26. Hoekom los meneer Stahl ’n kragwoord wanneer hy op die rekenaar begin werk? *Hy besef dat die rekenaar geformateer is omdat niks gebeur toe hy op die sleutelbord tik nie.*
27. Vir wie bel hy eerste en waarom dink jy so? *Hy bel eerste vir Stan. Die leser weet reeds dat hulle saam aan die virus werk. Hy verwys na Thomas en Hannes as “klein misbaksels” en Stan was net so neerhalend toe hy vir Thomas aangeval het.*
28. Hoekom wil meneer Stahl dié persoon by die Goeie Hoop-sentrum ontmoet? *Die groot Rekenaar-ekspo is daar aan die gang en hy wil die CD oorhandig in ’n skare waar dit minder verdag sal wees. Die leser kan ook aflei dat hulle die virus van daar af wil stuur, omdat daar heelwat rekenaars beskikbaar sal wees vir openbare gebruik.*
29. Wie bel vir meneer Stahl en waaruit lei die leser dit af? *Iemand van die polisie bel hom. Die leser lei dit af uit die feit dat meneer Stahl skielik nie meer kwaad klink nie, hy sê ook “stuur die manne” en hy waarsku dat ’n paar kinders in die spervuur kan beland.*
30. Wat is die verskil in meneer Stahl se toon tussen die twee oproepe? *In die eerste oproep is meneer Stahl kwaad oor wat gebeur het en verwys neerhalend na Thomas en Hannes. Hy klink ook skelm omdat hy praat van sy groot kans om baie geld te maak. Hy klink ook nie baie tevrede met sy lewe as onderwyser nie, want hy praat van “die skamele pitte wat hulle ’n onderwysersalaris noem”.
In die tweede oproep is hy skielik nie meer kwaad nie en hy is bekommerd oor Thomas en Hannes se veiligheid. Hy waarsku die persoon met wie hy praat dat ’n paar kinders in die spervuur kan beland. Hy is rustiger en meer rationeel as tydens die eerste oproep – hy gee ’n opdrag: “Stuur solank die manne” en sê dat hy ’n paar goed moet afhandel.*
31. Hoe kom Hannes en Thomas uit die kamertjie uit? *Hulle klim eers op bokse en dan deur ’n klein venstertjie.*

Hoofstuk 18

Hannes en Thomas ry bus na die Goeie Hoop-sentrum waar die

Rekenaar-ekspe gehou word. Op pad probeer hulle Hannes se pa kontak sodat hy die polisie kan bel, maar hy is in 'n vergadering en sy sekretaresse weier om Hannes se oproep deur te skakel. By die Ekspo aangekom, gaan soek hulle dadelik die rekenaarstasies met die gratis internettoegang. Dan sien hulle vir Harry by een van die rekenaars. In 'n poging om tyd te wen, gaan Thomas na die inligtingstoonbank en vat die mikrofoon om meneer Stahl oor die klankstelsel te roep, maar Stan gryp sy hand.

1. Waar is Hannes en Thomas aan die begin van die hoofstuk? *Hulle is in 'n bus op pad Goeie Hoop-sentrum toe.*
2. Wie sit agter hulle? *Daar sit 'n groep Japannese toeriste agter hulle wat oor hulle leun om foto's te neem.*
3. Wat dink Hannes is meneer Stahl se plan en hoekom dink hy die plan is briljant? *Hy dink meneer Stahl se plan is om die virus op een van die rekenaars by die Ekspo te lanseer. Hy dink dis briljant omdat niemand sal weet dit is hy en Stan nie. Duisende mense gaan die rekenaars gebruik en dit sal onmoontlik wees om hulle te vang nadat hulle die virus lanseer het.*
4. Hoekom dink Thomas hulle kan nie die polisie bel nie? *Hy dink die polisie sal dink dis 'n grapoproep omdat hulle in graad 8 is en veronderstel is om by die skool te wees. Hy is seker hulle sal nie 'n oproep van skoolseuns ernstig opneem wat sê hulle onderwyser se kop haak uit nie.*
5. Hoekom is Hannes se pa se selfoon afgeskakel? *Hy is in 'n vergadering en wil nie gepla word nie.*
6. Hoekom wil Hannes nie graag sy pa se kantoor bel nie? *Hannes hou nie baie van sy pa se sekretaresse, tannie Magdaleen, nie.*
7. Hoe stuur Hannes 'n boodskap vir sy pa? *Hy stuur 'n SMS wat sy pa sal kry sodra hy weer die selfoon aanskakel.*
8. Wat is Hannes en Thomas se plan van aksie by die Ekspo? *Hulle gaan eers die rekenaarstasies soek met die gratis internet-toegang. Dan sal hulle uiteengaan en die stasies dophou om te sien of hulle vir Stan en meneer Stahl kan voorlê. Hulle wil keer dat meneer Stahl vir Stan die CD gee.*
9. Hoe weet hulle waar die rekenaars is? *Hannes het op die webwerf gaan kyk wat by die Ekspo beskikbaar sal wees en by die ingang het hulle 'n kaart gekry wat vir hulle die uitleg van die Ekspo wys en aandui waar die rekenaars is.*
10. Hoekom probeer Thomas dapperder klink as wat hy is? *Hy wil nie hê Hannes moet dink hy is bang nie. Hy wil ook nie*

aan homself erken hoe senuweeagtig hy is oor wat vir hulle voorlê nie.

11. *Wat bedoel Hannes met “werk mense nie meer in hierdie stad nie”? Die Ekspo is vol mense en dit is tydens kantoorure. Dit lyk of die mense nie ’n werk het om na toe te gaan nie, omdat hulle by die Ekspo kan wees.*
12. *Vanwaar stel Thomas voor moet hulle die rekenaars dophou? Hy stel voor hulle klim op ’n stellasië en hou die rekenaars van daar af dop.*
13. *Hoekom wil Hannes rondloop en kyk? Hy sien al die interessante stalletjies en stel baie in tegnologiese belang. Hy sal eerder met die nuwe tegnologie wil speel as om skelms te probeer uitoorlê.*
14. *Vir wie sien hulle eerste by een van die rekenaars? Hulle sien eerste vir Harry.*
15. *Hoe lyk Harry? Sy gesig is nog gekneus en hy lyk senuweeagtig.*
16. *Hoekom is hulle verbaas om hom te sien? Hulle het die gedink dat net meneer Stahl en Stan wat met die virus te doen het en het gedink Harry is nog in die hospitaal.*
17. *Wat doen die mans wat saam met meneer Stahl by die uitgang staan? Hulle praat op tweerigtingradio’s.*
18. *Wat beteken “kop in een mus”? Dit is mense wat duidelik saamwerk – dikwels aan iets onderduims.*
19. *Hoe wil Thomas tyd wen? Hy gaan vir meneer Stahl oor die interkom laat roep.*
20. *Waarmee dink hy is Harry besig? Hy dink Harry laai die CD wat meneer Stahl sou saambring.*
21. *Wat dink hy doen die ouens wat saam met meneer Stahl by die uitgang staan? Hy dink hulle is versterkings wat moet sorg dat niks verkeerd loop nie. Hulle moet sorg dat niks of niemand keer dat die virus gelanseer word nie.*
22. *Hoe kry Thomas dit reg om alleen by die interkom te wees? Hy sê vir die meisie agter die toonbank haar bestuurder wil haar in sy kantoor sien. Hy voeg ook by dat sy moet gou maak, omdat die ou vies geklink het.*
23. *Wie gryp sy hand toe hy die mikrofoon aanskakel? Stan*

Hoofstuk 19

Stan haal vir Thomas in by die inligtingstoonbank en dreig hom met ’n rewolwer. Thomas kry dit reg om hom uit te oorlê en weg

te kom. Hy maak 'n afkondiging vir meneer Stahl en vlug na die rekenaars waar Hannes vir Harry dophou. In 'n slim skuif probeer Hannes een van sy eie CD's met Harry s'n omruil, maar meneer Stahl spring hom voor en vat Harry se CD. Hannes en Thomas vlug dan by die gebou uit en straat af, maar Stan haal hulle in. Harry probeer hom nog oortuig om die seuns uit te los toe hy geskiet word. Hannes en Thomas draai om en sien meneer Stahl staan met 'n Magnum-pistool in sy hand.

1. Watter wapen het Stan? *Stan het 'n rewolwer.*
2. Hoekom wil Thomas nie saam met Stan uitgaan nie? *Hy is oortuig Stan wil hom skiet.*
3. Hoe kom Thomas weg van Stan af? *Hy draai vinnig om en bring sy knie tussen Stan se bene op. Stan kreun en sak ineen en dan hardloop Thomas weg.*
4. Wat is meneer Stahl se voornaam? *Burger*
5. Waarheen hardloop Thomas toe hy sien Stan is weer agter hom aan? *Hy hardloop tussen die mense deur na die rekenaars toe. Hy sluip dan na die agterste hoek waar hy laas vir Harry gesien het.*
6. Wat doen Hannes intussen? *Hannes staan teen 'n pilaar en hou vir Harry dop.*
7. Hoekom haal Hannes 'n CD uit sy sak? *Hy wil dit omruil met Harry se CD.*
8. Wie vat Harry se CD? *Meneer Stahl vat Harry se CD voor Hannes daarby kan uitkom.*
9. Wat dink Thomas gaan hy daarmee doen? *Hy dink meneer Stahl gaan dit gebruik om die virus te laai.*
10. Wie agtervolg nou vir Hannes en Thomas? *Harry, Stan en meneer Stahl agtervolg hulle.*
11. Waarheen hardloop Hannes en Thomas? *Hulle hardloop by die sentrum uit en in die straat in.*
12. Hoekom voel dit vir Thomas of hulle in sirkels hardloop? *Hy is gedisoriënteerd omdat hy nie die berg kan sien nie.*
13. In watter stad speel die verhaal af? *Kaapstad*
14. Watter bakens word genoem wat aandui in watter stad Thomas-hulle is? *Die Goeie Hoop-sentrum en Tafelberg word as bakens genoem.*
15. Waarheen wil Hannes gaan waar hy en Thomas veilig sal wees? *Hy wil hê hulle moet na die Caledonplein-polisiestatie toe gaan.*
16. Wie sê vir Stan om die seuns uit te los? *Harry*

17. Hoekom wil Stan nie vir hom luister nie? *Harry het hom probeer verkul met die winste van die virus-ooreenkoms en toe wou hy die virus sonder hom lanseer. Stan draai teen Harry omdat Harry teen hom gedraai het en daarom wil hy nie na hom luister nie.*
18. Watter wapen het Harry? *Harry het 'n mes.*
19. Wie word geskiet? *Stan word geskiet.*
20. Wie het hom geskiet? *Meneer Stahl het hom geskiet.*
21. Waarmee het hy hom geskiet? *Meneer Stahl het hom met 'n Magnum-pistool geskiet.*

Hoofstuk 20

Die vriende kuier langs die swembad by Thomas-hulle se huis. Thomas en Hannes vertel vir hulle wat met die hele virus-storie gebeur het. Thomas en Alex gaan haal koeldrank vir die res en in die kombuis neem hy sy kans waar om haar flik toe te vra en sy sê ja.

1. Van watter polisie-eenheid is meneer Stahl 'n lid? *Hy is 'n lid van die Skerpioeneenheid.*
2. Waar kuier die vriende? *Hulle kuier langs die swembad by Thomas-hulle se huis.*
3. Wie is almal daar? *Lilian, Alex, Thomas, Hannes, Lukas en Thabo is daar.*
4. Wat het hulle geëet? *Hulle het pizzas geëet.*
5. Wat is die naam van die virus? *Scorpion-virus*
6. Wat was die virus ontwerp om te doen? *Die virus was ontwerp om banke se stelsels te infiltrer en elke maand 80c van elke rekening af te trek en in Harry se rekening in te betaal.*
7. Hoekom sou die virus so 'n klein bedraggie aftrek? *Mense sal nie agterkom as so 'n klein bedraggie afgetrek word nie.*
8. Hoekom dink Lilian dat Thomas en Hannes nie in die moeilikheid sal kom omdat hulle die skool se rekenaar geformateer het nie? *Sy sê meneer Stahl sal vir hulle opkom ("cover").*
9. Hoe ken Hannes se pa en meneer Stahl mekaar? *Hulle het saamgewerk toe die Sweetie Pie-virus die Johannesburgse Effektebeurs aangeval het.*
10. Hoekom sou Hannes se pa hulle nie kon help by die Ekspo

nie? *Hannes se pa is verlam en in 'n rolstoel. Hy sou nie maklik of vinnig genoeg tussen die mense kon deurkom nie. Hy sou ook nie vir Stan kon ontwapen nie.*

11. Wie gaan vir meneer Stahl help met van die projekte waarmee hy besig is? *Thomas en Hannes gaan hom help.*
12. Wie het die Scorpion-virus vernietig? *Hannes se pa-hulle het die virus vernietig.*
13. Hoekom dink hulle Harry het die Sweetie Pie-virus ook ontwerp? *Die twee virusse het presies dieselfde struktuur.*
14. Hoekom het Harry 'n kriminele rekord? *Hy is voorheen skuldig bevind aan en gevonniss op aanklagte van bedrog en ander rekenaarmisdade.*
15. Hoekom het Harry vir Thomas en Hannes die virus-CD gegee? *Dit was 'n ongeluk. Hy wou regtig vir hulle 'n nuwe speletjie gee om te toets.*
16. Hoe ken Stan en Harry mekaar? *Hulle was saam in die tronk.*
17. Hoekom het Stan vir Harry aangeval? *Hy wou hom skrikmaak omdat Harry hom nie 'n groter persentasie van die wins wou gee nie.*
18. Watter koeldrank skink Thomas vir sy vriende? *Coke*
19. Wat wil Thomas vir Alex vra? *Hy wil haar vra om saam met hom te gaan fliiek.*
20. Wat is haar reaksie? *Sy sê: "Ek dog jy vra nooit."*

Intrige, Karakters, Verteller, Tyd en Plek

Die volgende vrae is op 'n effens hoër vlak, en jy kan self besluit watter van hierdie vrae relevant is vir jou.

Leeruitkomst en Assesseringstandaarde wat ons hier gaan aanraak:

Leerarea	Leer-uitkomst	Assesseringstandaarde
Afrikaans Huistaal	LU 2	<p>Pas interaksievaardighede en -strategieë in groepsituasies toe:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Volg konvensies vir gepaste interaksie tydens groepwerk; • Gee gebalanseerde en opbouende terugvoering; • Toon sensitiwiteit vir kultuur- en sosiale verskille (soos: bevestig en inkorporeer diverse taal, ervaringe, voorbeelde); • Gebruik diplomatieuse taal in potensieële konfliktsituasies.
	LU 3	<p>Lees 'n verskeidenheid fiksie- en nie-fiksietekste vir verskillende doeleindes (soos tydskrifte, gedigte, romans, kort toneelstukke, koerante, handboeke):</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lees hardop en stil en pas leesstrategieë volgens die doel en gehoor aan; • Gebruik gepaste lees- en begripstrategieë (vluglees en soeklees, voorspellings, kontekstuele leidrade, afleidings, die nagaan van begrip, ens.). <p>Toon begrip van die teks, die verband daarvan met hul eie lewe, die doel daarvan en hoe dit funksioneer:</p>

		<ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik temas, intrige, ruimte, atmosfeer en karakterisering; • Bespreek die skrywer se houding en perspektief, hoe betekenis geskep word en maniere waarop die leser geposisioneer word (soos: Vertel die skrywer die storie as 'n waarnemer of 'n karakter? Hoe voel jy oor die hoofkarakter(s)? Is jy simpatiek of krities? Hoe kry die skrywer dit reg om jou so te laat voel?).
		<p>Verstaan en gebruik informatiewe tekste gepas:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Som hoof- en ondersteunende gedagtes op; • Kies en teken relevante inligting op 'n gepaste manier op; • Volg redelik komplekse instruksies en aanwysings sonder enige hulp.
		<p>Toon begrip van die teks, die verband daarvan met hul eie lewe, die doel daarvan en hoe dit funksioneer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik temas, intrige, ruimte, atmosfeer en karakterisering; • Bespreek die skrywer se houding en perspektief, hoe betekenis geskep word en maniere waarop die leser geposisioneer word. (Soos: Vertel die skrywer die storie as 'n waarnemer of 'n karakter? Hoe voel jy oor die hoofkarakter(s)? Is jy simpatiek of krities? Hoe kry die skrywer dit reg om jou so te laat voel?)
		<p>Identifiseer en bespreek kulturele en sosiale waardes in tekste krities:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Interpreteer die skrywer se bedoelde en onbedoelde verskuilde boodskappe;

		<ul style="list-style-type: none"> • Identifiseer verskillende perspektiewe binne 'n ingewikkelder teks en gee eie perspektief gebaseer op bewyse uit die teks; • Ontleed die uitwerking van stereotipering, partydigheid en vooroordeel en bespreek hoe dit bevestigteken en verander kan word en gee eie gemotiveerde mening.
Afrikaans Eerste Addisionele Taal	LU 1	<p>Verstaan stories (aan leerders vertel of gelees):</p> <ul style="list-style-type: none"> • Beantwoord letterlike vrae; • Teken relevante inligting op (soos om 'n tabel in te vul); • Reageer persoonlik; • Bring die storie in verband met haar/sy eie lewe; • Bespreek etiese, sosiale en kritieke kwessies, soos: Watter soort persoon is die held? Hoe tree hy/sy op? Is hy/sy realisties of gestereotipeer voorgestel? (wissel tussen huis- en addisionele taal, indien nodig); • Stel 'n alternatiewe slot vir die storie voor (wissel kodes, indien nodig); • Vertel 'n storie oor; • Som 'n storie op.
	LU 2	<p>Voer interaksie in sy/haar addisionele taal:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Stel en beantwoord vrae; • Voer 'n gesprek oor 'n bekende onderwerp; • Lug mening en gee redes daarvoor; • Druk gevoelens uit.
	LU 3	<p>Toon, op 'n eenvoudige manier, begrip van die elemente van stories:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Titel, ruimte/agtergrond en intrige

		(soos: vertel waarom sekere gebeure op daardie manier in 'n storie gebeur);
		<p>Begryp karakters (soos: beskryf hoe 'n karakter voel en gesels oor moontlike redes vir hul optrede);</p> <ul style="list-style-type: none"> • Identifiseer en bespreek sosiale en etiese vraagstukke in 'n storie (soos: Is die storie regverdig?); • Let op hoe karakters en intrige aangebied word om 'n spesifieke wêreldbeskouing uit te beeld. (Soos: Word mense van verskillende rasse en/of kulture stereotipies uitgebeeld, of word hul diversiteit realisties oorgedra?); • Stel alternatiewe maniere voor om karakters en hul optrede uit te beeld.
	LU 4	<p>Gebruik ontwikkelende kennis van taalstruktuur en -gebruik:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pas kennis van taalstrukture toe (soos grammatika, spelling, punktuasie, grammatikale verskille tussen huis- en addisionele taal) om eie en ander se werk te redigeer; • Gebruik taalhulpmiddele (soos 'n woordeboek). <p>Verstaan die skryfproses:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Skryf konsepweergawes (kladwerk), lees dit krities deur, kry terugvoering van die onderwyser en klasmaats en herskryf dit; • Verstaan die verskil tussen: <ul style="list-style-type: none"> – herskryf (verander inhoud en struktuur), en – redigering (maak foute reg); • Redigeer eie skryfwerk.

I. Karakters (makliker vrae)

Baie van die volgende vrae is reeds aangespreek in die vorige afdeling. In dié geval word daar egter met die hele boek gewerk en nie bloot met hoofstukke in die teks nie.

Moontlike vrae aan die leerders oor die karakters

1. Wie is die hoofkarakter in *THOMAS@SKERPIOEN.NET*?
Thomas
2. Watter karakters is goeie vriende met hoofkarakter? *Alex, Hannes, Thabo en dan ook Lukas en Lilian.*
3. Watter karakters wil die hoofkarakter seer maak? *Stan*
4. Is daar karakters wat lyk of hulle saam met Thomas en sy vriende werk, maar dan later teen hulle draai? Verduidelik.
Eie antwoorde. Harry is beslis hulle vriend, maar sy aksies maak dat hy hulle wel in die moeilikheid laat beland. Tog bly hy hulle waarsku.
5. Is daar karakters wat lyk of hulle teen Thomas en sy vriende werk, maar dan later tog tot hulle hulp kom? Verduidelik.
Meneer Stahl. Hulle vermoed hy is kop in een mus met Stan, maar hy werk eintlik vir die polisie.
6. Wat weet ons van Thomas se persoonlikheid? Eie antwoorde.
Hy is lief vir pizza en rekenaarspeletjies, hy hou van swem, maar hy sukkel soms om te gaan oefen. Soms mis hy sy ma, maar hy hou van sy stiefma en is baie goed met sy kleinsus.

II. Karakters (moeiliker vrae)

Iets om met die klas te deel

Protagonis

Die hoofkarakter in 'n verhaal of drama. Die verhaal wentel om haar/hom. Daar kan ook meer as een karakter wees wat dié rol vervul.

Antagonis

Die teenspeler wat die hoofkarakter of hoofspeler teenstaan.

Konflik

Die botsing tussen karakters.

Stereotipe

'n Oorvereenvoudigde idee van 'n persoon of groep mense.

Geloofwaardigheid

Nie alle karakters hoef geloofwaardig te wees nie, tog verkies mense dat karakters geloofwaardig moet optree. Iemand sal byvoorbeeld kyk na die rolprent *Babe* en dan beweer dat dit nie “geloofwaardig” is dat die varkie kan skape aanjaag nie. Tog vergeet hulle dat die varkie praat!

Hoe ook al. Lesers voel dikwels dat sommige karakters baie soos “gewone mense” voorkom, maar dat ander se aksies of dialoog glad nie pas by dit in die “ware lewe” sal gebeur nie. Geloofwaardigheid het dus te doen met mense se persepsies oor karakters en die situasies waarin hulle hulself bevind.

1. Is daar 'n duidelike protagonis in *THOMAS@SKERPIOEN.NET*? *Ja, Thomas is.*
2. Is daar 'n duidelike antagonis in *THOMAS@SKERPIOEN.NET*? *Ja, dit sou Stan wees.*
3. Dink julle Thomas en sy maats is geloofwaardig? Eie antwoorde. *Laat die leerders hul eie besluite neem oor dié een.*
4. Is daar karakters in *THOMAS@SKERPIOEN.NET* wat ongeloofwaardig voorkom? Verduidelik. *Eie antwoorde. Hoe voel die leerders oor Stan, die Oros-man en die dom tweeling (in hoofstuk 5)?*
5. Is daar karakters in *THOMAS@SKERPIOEN.NET* wat die verhaal swakker maak? Hoe so? *Eie antwoorde. Die leerders moet net hul idees kan rugsteun.*
6. Is daar enige karakters in *THOMAS@SKERPIOEN.NET* wat geen rol vervul nie en dus liever uitgelaat kon gewees het? *Eie antwoorde. Ons kan egter vra, wat doen die dom tweeling (hoofstuk 5) aan die verhaal, indien enige iets in die teks? En wat van Lukas? Dink die leerders hy is werklik belangrik? (In die*

volgende boek, Aqua.net, is Lukas baie belangrik). En in hoofstuk 2 steek 'n "rooikopmeisie", Elaine, haar hand op en beantwoord 'n vraag. Dra haar teenwoordigheid by tot die teks?

7. Is daar karakters in THOMAS@SKERPIOEN.NET wat julle as stereotipes sou wou afmaak? Hoe so? Wat dink die leerders? Word die Oros-man en die dom tweeling regverdig behandel?

III. 'n Moontlike essay (Slegs vir gevorderde leerders)

Verduidelik die konflik tussen die protagonis en die antagonis in die verhaal.

Assessering

U kan die leerders volgens hierdie kriteria assesseer:

	7	6	5	4	3	2	1
Hoe duidelik is dit wie die leerder as die protagonis beskou?							
Hoe duidelik is dit wie die leerder as antagonis beskou?							
Hoe goed is die konflik verduidelik tussen die protagonis en die antagonis?							
Hoe goed het die leerder gespel?							
Hoe goed is die leerder se grammatika?							
Hoe netjies is die leerder se werk?							

Kode	Skaal	Punte (%)
7	Uitsonderlike prestasie	80 – 100
6	Lofwaardige prestasie	70 – 79
5	Beduidende prestasie	60 – 69
4	Redelike prestasie	50 – 59
3	Bevredigende prestasie	40 – 49
2	Elementêre prestasie	30 – 39
1	Nie behaal nie	0 – 29

IV. Die ruimte

Die ruimte is meer as 'n fisiese plek, dit berei ons ook voor op 'n emosionele omgewing.

Moontlike vrae oor die ruimte

1. Dit is belangrik om op te let hoe die karakters voel oor die verskillende ruimtes, want die ruimte kan ook 'n "emosionele plek" wees. Dink julle die skool is 'n emosionele ruimte vir Thomas? *Verduidelik. Eie antwoorde. Thomas geniet sy vriende, maar hy is maar lugtig vir die onderwysers en die skoolhoof. Hy hou duidelik van sport, maar is verleë as hy nie goed vaar nie.*
2. Watter uitwerking het Thomas se kamer op sy karakter? *Die kamer gee hom baie vryheid, maar dit laat hom ook weerloos toe Stan besluit om in te breek – en dit dan skynbaar baie maklik regkry.*
3. Watter uitwerking het die internetkafee op die verhaal? *Wat dink die leerders? Dis duidelik 'n positiewe ruimte vir Thomas-hulle en dit gee hulle baie goeie toegang tot die internet, maar dis natuurlik ook waar hulle dan die speletjie kry wat al die moeilikheid maak.*

V. Die tyd

Die Thomas-boeke is lekker alledaags en vars, maar die tegnologie verander so vinnig dat heelwat van Thomas-hulle se elektroniese speelgoed taamlik gou gaan verouder. Gaan dit 'n probleem wees vir die reeks?

Moontlike vrae oor die tyd in die verhaal

1. In watter jaar (so ongeveer) dink julle speel die verhaal af? Wéét ons? Verduidelik julle antwoord. *Dit is nie duidelik nie, maar iets soos Big Brother het in 2000 eers op die skerm verskyn. Dit is egter belangrik om te let dat Thabo se rekenaar nie 'n CD-skrywer het nie, dit kan dus nie baie later as 2004 wees nie. Die antivirussagteware wat op bl. 12 genoem word, is ook nie baie modern nie – hoewel heelwat nog in gebruik is.*
2. Hoe lank is die tydperk wat beskryf word vandat THOMAS@SKERPIOEN.NET se storie begin, tot dit klaar is? Hoekom sê julle so? *Eie antwoorde. Dit word nie duidelik uitgespel nie, maar die eerste gala is in Oktober, en die hele verhaal is skynbaar oor voor hulle eksamens hoef te skryf. Tog is daar darem nog 'n paar galas tussen-in. 'n Mens sou dus kon aflei dat dit oor 'n aantal weke afspeel.*
3. Hoe lank neem dit om die teks te lees? *Eie antwoorde.*
4. Sommige gebeure word in detail beskryf, ander word eenvoudig geïgnoreer. Hoekom? *Eie antwoorde. Sommige skooldae is nie belangrik nie, want daar gebeur niks wat die storie aanhelp nie. Ander weer, soos wanneer die lesers vir meneer Stahl ontmoet, is belangrik. Dieselfde sou geld vir alledaagse interaksies met sy vriende, maar daar is niks so lekker soos om te sien hoe Thomas vir Alex vra om te gaan flik nie!*


VI. Die intrige

Graad 8- en 9-leerders wat Eerste Addisionele Taal neem sal hierdie oefening waarskynlik kan doen, want hulle moet dit net aanpas uit hul eie huistaal. Ons beveel dit nie vir die Graad 4's en 5's aan nie!

lets om met die klas te deel

Intrige

Die plot, of intrige, van die verhaal is daardie reeks gebeure waaruit 'n verhaal opgebou is. Die klassieke plot lyk soos volg:



Moontlike vrae oor die intrige

1. Dink julle dat *THOMAS@SKERPIOEN.NET* se intrige soos hierdie kurwe lyk, of nie? Hoekom sê julle so? *Eie antwoorde. Daar is oomblikke van bekendstelling – soos wanneer ons vir meneer Stahl ontmoet – en dan is daar die opbou van spanning, soos ons agterkom dat die CD 'n belangrike probleem bevat. Die klimaks is natuurlik wanneer ons die groot oomblik het by die rekenaarekspo. Die ontknoping, oor pizza, loop uit op Alex wat vir 'n fliek gevra word.*
2. Waar dink julle was die klimaks in die verhaal? *Ons dink dis die tydjie by die rekenaarekspo – wat uiteindelik met Stan se dood eindig.*

VII. Die verteller

In die Thomas-reeks is daar gewoonlik een tipe verteller en een fokaliseerder.

Dit is nogal belangrik dat Carina Diedericks-Hugo die outeur is, maar nie die verteller nie! Die verteller is 'n fiktiewe skepping van Carina se gedagtes.

lets om met die klas te deel

Verteller

Die persoon of stem wat 'n storie vertel. Onthou dat die verteller en die outeur nie dieselfde persoon is nie.

- 'n **Eerstepersoonsverteller** is deel van die verhaal en verwys na haar-/homself as “ek”.
- Die **alomteenwoordige derdepersoonsverteller** word gebruik as iemand, wat nie deel van die storie is nie, dit vir ons vertel. Wanneer die storie deur so 'n verteller vertel word, kan die fokus verskuif van een karakter na 'n ander. Ons kan dus om die beurt die verhaal uit verskillende mense se oogpunte beleef.
- Die **beperkte derdepersoonsverteller** is ook 'n waarnemer. Al die inligting word deur die gedagtes van een karakter weergegee.

Fokaliseerder

Die karakter deur wie se oë die gebeure geskets word. As die fokaliseerder vooroordele koester teenoor ander, mag dit die vertelling beïnvloed. Die leser moet dus bewustelik die fokaliseerder se oordeel bevraagteken.

Gesigspunt

Die hoek of perspektief waaruit 'n storie vertel word.

Moontlike vrae oor die verteller

1. Wie vertel die verhaal in *THOMAS@SKERPIOEN.NET*? *Ons het hier 'n beperkte derdepersoonsverteller. Let daarop dat ons toegang het tot al Thomas se gedagtes, maar nie tot die van sy vriende nie.*
2. Deur wie se oë sien ons die gebeure en die ander karakters? *Alles word gesien deur Hannes se oë.*
3. Watter invloed het die verteller(s) op die verhaal? *Hannes is die hoofkarakter, en alles word dus vertel om sy aksies te verduidelik.*
4. Is die verteller(s) geloofwaardig? *Eie antwoorde.*
5. Sou die storie anders geklink het as ons gebeure deur 'n ander karakter se oë beleef het? *Inderdaad. Dink net as ons die hele verhaal deur Stan se oë sou sien.*

VIII. Taalgebruik

Die Thomas-reeks is in lekker Loslitafrikaans geskryf. Werk dit? Laat die leerders gerus hieroor gesels.

Leeruitkomste en Assesseringstandaarde wat ons hier gaan aanraak:

Leerarea	Leer-uitkomste	Assesseringstandaarde
Afrikaans Huistaal	LU 6	Identifiseer en evalueer die soort en gepastheid van 'n teks se taal en register vir die bedoelde teikengroep;

Iets om met die klas te deel

Jargon

Die tegniese woordeskat van 'n stelsel, bedryf of saak, byvoorbeeld rekenaartermen en mediese verwysings.


Register

Dit gaan oor die wyse waarop 'n mens praat of skryf. Die register hang dikwels af van die konteks, iemand sal dus op 'n sekere manier praat in die skoolhoof se kantoor, maar op 'n ander manier in 'n vriend se kamer.

Vrae oor die taalgebruik

1. Kyk na Thomas en sy vriende se taalgebruik. Dink julle dis hoe tieners praat, of nie? *Eie antwoorde. Ons voel dis baie goed gedoen, maar tienertaal verander baie snel, en daarom moet die leerders self besluit – en hul antwoorde motiveer.*
2. Dink julle dis reg om Engelse woorde in Afrikaanse sinne te gebruik, of nie? *Eie antwoorde. Dis mos maar hoe mense praat, nie waar nie?*
3. Is daar enige aanduiding dat jargon gebruik word in THOMAS@SKERPIOEN.NET? Verduidelik. *Die jongklomp gebruik heelwat rekenaartermen en speletjeterme.*

Blokiesraaisel



Af:

1. Wat is Sweetie-Pie? *Virus*
2. Wat is Thomas se beste vriend se naam? *Hannes*
3. By watter sportgeleentheid het Thomas swak gevaar? *Huisgala*
4. Hoeveel weke was Alex in Egipte? *Drie*
5. Na watter yskoue streek verwys Thomas in hoofstuk 13? *Siberië*
6. Hoeveelste het hy in die gala geëindig? *Derde*
7. Wat is die naam van die meisie wat saam met Alex Egipte toe is? *Lilian*
8. Thabo wys vir Thomas en Hannes wat gebeur as hy vlak tien voltooi van die speletjie. Wat parkeer dan voor 'n bepaalde gebou? *Motor*
9. Hierdie seun woon langs Thomas. *Thabo*
10. Hoeveel meter het Thomas in die gala geswem? *Vyftig*

Dwars:

1. Wat steek Hannes in die lug ná Thomas klaar geswem het?
Vuis
3. Waar is Harry? *Hospitaal*
11. In hierdie land het iemand dertig kamele aangebied om met Alex te trou. *Egipte*
12. Wie hou die volgende naweek haar verjaardagpartytjie?
Gizelle
13. Wie het die item in die gala gewen waaraan Thomas deelgeneem het? *Lukas*
14. Watter meisie laat Thomas se hart vinniger klop? *Alex*
15. Watter soort kafee is die Cyber Tiger? *Internet*
16. Watter slag het Thomas en Lukas geswem in die gala? *Vryslag*
17. Thomas se sussie het dieselfde naam as 'n baie bekende karakter in Tomb Raider. Wat is haar naam? *Lara*

Letterdoolhof

Soek die name in die letterdoolhof. Die vrae wat volg sal jou help daarmee.

T	S	K	E	R	P	I	O	E	N	E	A	B	C	A
H	L	K	J	L	I	K	H	S	G	S	F	E	L	D
O	M	N	O	I	P	A	F	C	Q	K	R	E	O	S
M	Z	Y	X	L	W	A	R	O	V	I	X	U	U	T
A	L	A	B	I	C	P	A	R	D	E	L	E	W	F
S	E	N	N	A	H	S	N	P	G	R	U	I	H	G
J	R	K	L	N	M	T	C	I	I	E	K	M	N	J
W	O	V	U	T	S	A	O	O	Z	I	A	R	Q	O
B	U	R	G	E	R	D	I	N	E	L	S	X	Y	H
H	X	G	F	E	D	C	S	B	L	A	A	P	Z	N
V	O	L	S	C	H	E	N	K	L	N	T	O	S	N
I	J	K	L	M	N	O	P		E	D	Q	T	R	I
C	Y	B	E	R	T	I	G	E	R	D	B	G	A	E
J	A	N	T	J	I	E	S	E	F	G	H	I	J	K
S	W	V	U	T	S	R	T	Q	P	O	N	E	M	L
T	X	Y	M	A	G	D	A	L	E	E	N	T	Z	A
A	N	M	L	K	J	I	H	H	G	F	D	E	C	B
N	O	P	Q	R	S	U	L	V	W	X	Y	R	Z	A
B	U	R	G	E	R	P	O	R	O	S	M	A	N	C
A	B	C	D	G	O	E	I	E	H	O	O	P	D	B
H	G	F	E	K	M	N	M	A	G	N	U	M	E	S
I	J	K	U	L	K	J	I	H	G	F	E	B	K	T
L	V	E	R	E	N	I	G	D	E	B	A	N	K	E
M	E	A	B	C	D	E	H	A	R	R	Y	C	B	Y
L	E	A	T	I	T	I	A	H	I	J	K	A	S	N

1. Wat is die hoofkarakter se naam? *Thomas*
2. Wat is sy van? *Steyn*
3. In watter hoërskool is hy? *Leeukop*
4. Wat is sy beste vriend se naam? *Hannes*
5. Wat is sy van? *Le Roux*
6. Op wie is die hoofkarakter verlief? *Alex*
7. Wat is haar van? *Louw*
8. Wie is die nuwe meisie in hulle klas? *Lilian*
9. Wat is haar van? *Jantjies*

10. Na wie se verjaardagpartytjie gaan hulle? *Gizelle*
11. Wat is die IT-onderwyser se van? *Stahl*
12. Wie is die bestuurder van die internetkafee? *Harry*
13. Wat is sy van? *Potgieter*
14. Wat is die naam van die internetkafee? *Cyber Tiger*
15. Wie bestuur die internetkafee terwyl Harry in die hospitaal is? *Stan*
16. Wat is die naam van die polisie-eenheid? *Skerpioene*
17. Wat is Hannes se pa se naam? *Francois*
18. Wat is Hannes se ma se naam? *Leatitia*
19. In watter sentrum word die Rekenaar-ekspo gehou? *Goeie Hoop*
20. Wat is die skoolopsigter se naam? *Johnnie*
21. Wat is die skoolhoof se van? *Volschenk*
22. Wat is die skoolhoof se bynaam? *Oros-man*
23. Wie oefen saam met Thomas swem? *Lukas*
24. In watter Medi-Kliniek is Harry? *Skiereiland*
25. Watter bank se takkodes is in die virus-kode? *Verenigde Bank*
26. Wat is die viruslêer se naam? *Scorpion*
27. Wat is Hannes se pa se sekretaresse se naam? *Magdaleen*
28. Wat is meneer Stahl se voornaam? *Burger*
29. Watter soort pistool gebruik meneer Stahl? *Magnum*
30. In watter stad speel die verhaal af? *Kaapstad*

Die antwoorde

T	S	K	E	R	P	I	O	E	N	E	A	B	C	A
H	L	K	J	L	I	K	H	S	G	S	F	E	L	D
O	M	N	O	I	P	A	F	C	Q	K	R	E	O	S
M	Z	Y	X	L	W	A	R	O	V	I	X	U	U	T
A	L	A	B		C	P	A	R	D	E	L	E	W	F
S	E	N	N	A	H	S	N	P	G	R	U	I	H	G
J	R	K	L	N	M	T	C	I	I	E	K	M	N	J
W	O	V	U	T	S	A	O	O	Z	I	A	R	Q	J
B	U	R	G	E	R	D	I	N	E	L	S	X	Y	H
H	X	G	F	E	D	C	S	B	L	A	A	P	Z	N
V	O	L	S	C	H	E	N	K	L	N	T	O	S	N
I	J	K	L	M	N	O	P		E	D	Q	T	R	I
C	Y	B	E	R	T	I	G	E	R	D	B	G	A	E
J	A	N	T	J	I	E	S	E	F	G	H	I	J	K
S	W	V	U	T	S	R	T	Q	P	O	N	E	M	L
T	X	Y	M	A	G	D	A	L	E	E	N	T	Z	A
A	N	M	L	K	J	I	H	H	G	F	D	E	C	B
N	O	P	Q	R	S	U	L	V	W	X	Y	R	Z	A
B	U	R	G	E	R	P	O	R	O	S	M	A	N	C
A	B	C	D	G	O	E	I	E	H	O	O	P	D	B
H	G	F	E	K	M	N	M	A	G	N	U	M	E	S
I	J	K	U	L	K	J	I	H	G	F	E	B	K	T
L	V	E	R	E	N	I	G	D	E	B	A	N	K	E
M	E	A	B	C	D	E	H	A	R	R	Y	C	B	Y
L	E	A	T	I	T	I	A	H	I	J	K	A	S	N